

Hoofstuk 1.6

“MAAR NET ‘N DROOM ? ... (1910-1916)



Nuwejaarsdag, 1912. En “Willem” droom: “ ... het was mij of het 1 Januarie 1920 was en ik een koerant opnam om te lezen. Toen ik het blad apende [sic!] viel mijn oog op ene kennisgeving. Bovenaan stond in grote duidelijke letter Opening Ener Universiteit. Ik las verder. Op 1 Februarie 1920 zal de Z.A. Universiteit op Gereformeerden grondslag geopend worden. De Rektor Magnifikus Dr. ... zal ene rede houden over: “Ons standpunt op ‘t gebied van hoger onderwijs”. Ik kon mijn ogen niet geloven. Weer las ik de kennisgeving en eer ik wist wat ik deed, schreeuwde ik: Hoera! Door dezen uitroep wakker geworden, begon ik na te denken. Van de gedachte, dat wij een eigen Universiteit moeten hebben, kan ik niet ontslagen raken. De laatste gedachte over aardse dingen, die mij ‘s avonds bezig houdt, is de Universiteit ... “

“Willem”, in De Jonge Calvinist 3(26), Feb 1912



1.6.1 Die “universiteitskwessie”

In sy afskeidsverslag as rektor het prof Jan Lion Cachet die kuratore as beleidsbepalers attent gemaak op “het gevaar dat de nieuwe Universiteit de school misschien kan aanbrengen”. Om hierdie waarskuwing te begryp, moet die aandag gefokus word op wat destyds vry algemeen bekend gestaan het as die “universiteitskwessie”.

Reeds in 1901, en opsigtelik in antisipasie van die uitbreiding van Britse beheer oor die res van Suid-Afrika, het die raad van die University of the Cape of Good Hope (UCGH) versoek dat sy gesagsfeer uitgebrei word.¹ Transvaal en die Vrystaat het na afloop van die Anglo-Boereoorlog ‘n eie ontwikkelingspad geloop vir sover dit die daarstelling van inrigtings vir hoër onderwys betref, en in die proses het die Transvaal University College met sy aanvanklike vertakkinge te Johannesburg en Pretoria in 1906 en die Grey Universiteitskollege in 1904 te Bloemfontein beslag gekry. In Kaapland was die South African College in Kaapstad en die Victoria Kollege te Stellenbosch ook besig om elk hul eie ontwikkeling op pad na selfstandige instellings te deurloop.

In lyn met sy strewe na ‘n federasie van Suid-Afrikaanse state maar ook as uitvloeisel van roeringe en woelinge oor ‘n breë front van die hoëronderrysgemeenskap van destyds, het die Britse Hoë Kommissaris, Lord Selborne, in 1908 ‘n interkoloniale konferensie in verband met onderwys belê, waar ‘n resoluësie aanvaar is vir die daarstelling van een federale, nasionale doserende universiteit vir Suid-Afrika.

‘n Bepaling dat Engels die medium van die nuwe universiteit sou wees, het ‘n storm van verset in Afrikanergeleedere ontken. Een van dié protesteerders was prof Cachet van die Teologiese Skool. Saam met 40 ander prominente Afrikaners het hy ‘n verklaring onderteken waarvolgens geen universiteit tot stand sou kon kom “welken niet aan de Hollandse en Engelse talen een gelijk status zal toekennen”. Hiermee is ‘n taalstryd met die UCGH aangeknop.²

Hoewel die Raad van die UCGH ná uniewording in 1910 sekere toegewings ten opsigte van die gebruik van Hollands as medium gemaak het, het dit in hoofsaak ‘n Engelse inrigting gebly. Met merkbare effek, volgens Boucher: “Die vyandigheid teenoor die ‘Engelse’ eksaminerende universiteit kon egter moeilik



1.6.1

Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop



uit die weg geruim word, want hoewel Suid-Afrika staatkundig verenig was, het die verskille tussen Engels- en Afrikaanssprekendes groot gebly. Hierdie aspek van die Suid-Afrikaanse gemeenskapslewe sou nog ‘n groot rol speel in die debat oor hoër onderwys wat net na 1910 aan die gang gesit sou word.”³

Om taktiese oorwegings is met die beoogde hervorming van die universiteitswese gewag totdat staatkundige eenheid op 31 Mei 1910 ‘n werklikheid geword het. Die saak van hoër onderwys is reeds by die opening van die nuwe Unieparlement in November 1910 deur die goewerneur-generaal, burggraaf Gladstone, te berde gebring terwyl die minister van Onderwys, FS Malan, pas hierna planne vir ‘n nasionale doserende universiteit te Groote Schuur aangekondig het.⁴ Daarmee is die spreekwoordelike kat in die duiwehok losgelaat, en is ‘n aantal middelpuntvlietende kragte in die vorm van uiteenlopende belange en sieninge van inrigtings vir hoër onderwys ontketen wat ‘n lang en uitgerekte debat en stryd tot gevolg sou hê voordat finaliteit oor die land se universiteitsopset teen 1916 bereik sou word.

Cachet se waarskuwing in Desember 1910 teen die gevaar wat die destyds beoogde nuwe universiteit vir die Teologiese Skool kon inhou, het na alle waarskynlikheid geslaan op die taalkwessie. Maar moontlik ook op die feit dat die beoogde nuwe universiteit met astronomiese geldskenkings van mynmagnate Julius Wernher en Otto Beit op die Groote Schuur-landgoed (wat deur Cecil John Rhodes nagelaat is) opgerig sou word. Met hul ideaal van “gelyke geleentheid vir almal” het hierdie skenkers nie gedeel in die sentimente van diegene wat gelyke taalregte as voorvereiste vir eenheid en samewerking gesien het nie.⁵ Binne die politieke opset van destyds het hierdie name die volbloed-Afrikaners rooi laat sien.

Die nuwe verwickelinge het ongetwyfeld ook ‘n ernstige bedreiging ingehou vir die verwesenliking van die droom van manne soos JD (Japie) du Toit en Ferdinand Postma, destyds as studente daar langs die gragte van Amsterdam: die droom van ‘n vrye, Christelike universiteit.



1.6.2

CECIL RHODES, Julius Wernher, Otto Beit – hulle ideale was ‘n bedreiging vir die drome van Postma, Du Toit en “Willem”.

1.6.2 ‘n Droom ...

Die gedagte aan só ‘n inrigting vir hoër onderwys het wyd geloop in hierdie tyd, was nie net die domein van Du Toit en Postma nie. Hiervan getuig “‘n Droom op Nieujaarsdag”, ‘n artikeltjie deur “Willem” in die blad *De Jonge Calvinist* se uitgawe van Januarie 1912.⁶ Die letter P naas sy naam sowel as die hele trant van die artikel dui daarop dat ds Willem de Klerk, bekende oudstudent en opvolger van Totius as predikant van Potchefstroom, die dromer was.

“Willem” vertel van Nuwejaarsdag se gemoedelikhed gevolg deur ‘n siesta in sy gemakstoel in die voorkamer. En dan droom hy: “... het was mij of het 1 Januarie 1920 was en ik een koerant opnam om te lezen. Toen ik het blad apende [sic!] viel mijn oog op ene kennisgeving. Bovenaan stond in grote duidelijke letter **Opening Ener Universiteit**. Ik las verder. Op 1 Februarie 1920 zal de Z.A. Universiteit op Gereformeerden grondslag geopend worden. De Rektor Magnifikus Dr. zal ene rede houden over: ‘Ons standpunt op’t gebied van hoger onderwijs.’ Ik kon mijn ogen niet geloven. Weer las ik de kennisgeving en eer ik wist wat ik deed, schreeuwde ik: Hoera! Door dezen uitroep wakker geworden, begon ik na te denken. Van de gedachte, dat wij een eigen Universiteit moeten hebben, kan ik niet ontslagen raken. De laatste gedachte over aardse dingen, die mij ‘s avonds bezig houdt, is de Universiteit. Voornamelijk twee vragen houden mij bezig: 1. Is ene Universiteit op Gereformeerde grondslag noodzakelijk? en 2. Is het mogelijk daartoe te komen?”

Hy motiveer kortliks en sê dat enige persoon wat self Christelik is, sal saamstem oor die noodsaaklikheid van so ‘n inrigting. In ‘n volgende uitgawe van die blad⁷ gaan dit oor die haalbaarheid van die ideaal. “Willem” beredeneer die saak verder: Aan die Teologiese Skool te Potchefstroom is daar drie afdelings om mee te begin: ‘n teologiese afdeling, ‘n letterkundige departement en ‘n afdeling vir natuur- en wiskunde: “Dus hebben wij al drie afdelingen om mee te beginnen – ene Universiteit met drie faculteiten heeft recht op erkenning.”

Om egter die droom te verwesenlik, is eerstens nodig om die aantal hooglerare te vermeerder: minstens drie vir elke fakulteit. Daar word dus nog vier professore benodig. Daarvoor is geld nodig - en vanwaar word dit verkry? “Willem” gee toe dat dit ‘n groot probleem is, maar nie onoorkomelik nie. Geld is daar genoeg in die land en hoewel gering in getal, is daar ook genoeg rykes onder die Gereformeerdes om die saak aan te help. Die grootste probleem is gebrek aan offervaardigheid: waar is byvoorbeeld die testamentêre bemakings, vra hy – verwysende na wat elders gedoen word, o.a. by



die Vrye Universiteit.

Hy noem die bedrag van £30 000 as stigtingskapitaal en meen dat as eerste stap kommissies gevorm moes word om die insameling te behartig. Drie maniere van insameling word voorgelê: geldelike skenkings (individueel of deur middel van ‘n te stigte vereniging vir hoër onderwys op Gereformeerde grondslag), veeskenkings en derdens gemeentlike bydraes, waardeur die Teologiese Skool tot dusver gedra is en tot bloei gekom het. Veeskenkings word sterk aanbeveel, as “misschien nog beter dan geldschenkingen, want er zijn velen die gemakkelijker ‘n koe of os geven dan £5”. Dis nog beter as almal koeie skenk: 500 koeie kan minstens 300 kalwers per jaar gee, dus ‘n verwagte inkomste van £1 200 per jaar – en siedaar, die salarisse van drie van die benodigde vier professore!

Wie, is “Willem” se uitnodigende slotvraag, wil daarvoor werk en daartoe meewerk dat die droom bewaarheid word?

“Willem” se droom, wat in werklikheid bloot maar net ‘n subtiële reklameset was, sou toe wel op die end bewaarheid word, ‘n jaar vroeër as wat die koerantopskrif in sy droom dit wou hê!

Na binne sou die tweeslagtige inrigting steeds in ‘n worstelstryd betrokke wees om, finansiële en wat studentegetalle betref, aan minstens die basiese vereistes vir ‘n universiteit te voldoen. Na buite sou ‘n heftige stryd gevoer word om erkenning van die “vrye” beginsel, dit wil sê die reg om sy Christelike visie en missie in die praktyk van onderrig en opleiding uit te leef.

Hierdie stryd aan twee fronte sou onder uiters moeilike omstandighede gevoer word. Politieke verdeeldheid het deurgesuur na feitlik alle vlakke van die samelewing en in die proses ook sy merk gelaat op die ontwikkeling van hoër onderwys in die land. Ook die Eerste Wêreldoorlog het sy spore gelaat, al was dit Suid-Afrika grotendeels gespaar om deel van die slagvelde vir hierdie verwoestende kryg te voorsien.

1.6.3 Akademiese ontwikkeling

Een van die belangrikste verwickelinge op akademiese gebied in hierdie tyd was die instelling van ‘n senaat vir die Teologiese Skool – ‘n stap wat gemik was op groter seggenskap van die ander dosente in sake rakende die bestuur en administrasie van die inrigting se sake. Dit moet onthou word dat die rektor die enigste teologiese dosent was en dat die res van die personeel deel uitgemaak het van die Literariese Departement. Met sy wye kennis van die universiteitswese en van hoër onderwys kan aanvaar word dat Ferdinand

Postma instrumenteel tot en heel moontlik ook die dryfkrag agter die totstandkoming daarvan was.

Outentieke inligting oor die ontstaan van hierdie bestuurstruktuur kon nie bekom word nie, maar reeds in Augustus 1911 word na ‘n senaat verwys in ‘n brief in *Het Kerkblad*, onderteken deur JD du Toit as voorsitter en J Kamp as sekretaris.⁸ Die instelling van die Senaat het op die vergadering van Desember 1911 van die kuratore gefigureer en het ter tafel gekom in die vorm van ‘n verslag wat aanvanklik in die naam van die rektor opgestel is. Die woord “Rektor” is deurgehaal en met “Senaat” vervang.⁹ Die besprekinge hieroor openbaar duidelik die spanning wat aan die toeneem was oor die bilaterale aard en karakter van die Teologiese Skool/Literariese Departement.

In kuratoregeledere was daar bedenkinge en is die vrees uitgespreek “dat ‘t Rectoraat aan onze School in gevaar staat van te verlopen”. ‘n Gevolglike poging om die Senaat se bevoegdheid aan bande te lê, met ‘n voorstel dat die rektor as hoof van die skool verantwoordelikheid by die Kuratorium aanvaar, het egter nie geslaag nie. Die professore het die Kuratorium die versekering gegee dat die rektor se magte en bevoegdhede nie aangetas sou word nie. Dit was ‘n geval van “op wie rust de verantwoordelijkheid vd School op de Rektor of op de Senaat” – met die rigtingwyser na die Senaat.¹⁰

‘n Totaal uit-proporsie, steeds-groeiende stert was kennelik besig om die hond te swaai. Strepie vir strepie is die skeidslyn tussen Teologiese Skool (as opleidingsentrum vir predikante) en die Literariese Departement getrek ...

Baie prominent in die eerste verslag van die Senaat aan die kuratore was die behoefte aan assistensie in die Literariese Departement, wat as “onvermijdelik nodig” bestempel is. ‘n Visitasiekommissie van die kuratorium is deur die Senaat gewys op die noodsaaklikheid om meer onderwyskragte te verkry vir die Literariese Departement, veral met die oog op die doseer van Engels as taal en Engelse letterkunde.

Tydens die ontmoeting met die Senaat is die kwessie van subsidie vir die “letterkundig departement” ook terloops opgehaal en meen die kommissie dat die tyd aangebreek het om hierdie kwessie “van recht aan te pakken”. Die kuratore het gevolglik die saak na die volgende sinode (1913) verwys, om die wenslikheid van sodanige aanvraag vir hoër literariese onderwys te oorweeg asook die wyse waarop sodanige subsidie aanvaar kan word.¹¹ Hiermee saam het die kuratore ook die situasie in die “Teologiese Departement” onder die loep geneem en besluit om (a) £125 te stem vir hulp aan die letterkundige vakke vir die volgende jaar, en (b) die noodsaaklikheid van die benoeming



van nog ‘n professor in teologie asook van meerdere assistensie in die naaste toekoms vir die “Letterkundige Departement” aan die sinode oor te dra. Met die boodskap daarby dat die middele vir die beoogde personeeluitbreiding gevind sal móét word.¹²

Personeelgewys was daar ook heelwat woeling en wording.


Eerstens is daar middel April 1911 afskeid geneem van die bejaarde rektor Jan Lion Cachet, die man wat ruim 42 jaar tevore aan die sy van grondlegger ds Dirk Postma die Teologiese Skool op gang gekry en sedertdien ten nouste by die wel en wee van hierdie inrigting betrokke sou wees. Hoewel hy veral as teologiese professor diep spore getrap het, was Cachet dikwels behulpsaam met doseerwerk in die Literariese Departement en het hy natuurlik ook as rektor die groei en ontwikkeling van hierdie universiteit in wording intens meegemaak en sterk bevorder. Ten tye van twis en ontevredenheid oor die impak wat hierdie ontwikkeling op die skrapse finansiële bronne van die kerkgemeenskap gehad het, het Cachet die bestaan en groei van hierdie departement deurentyd ten sterkste verdedig.

Ten opsigte van die gees en karakter van die Teologiese

Skool (en Literariese Departement), het hy deurgaans onbeskaamd sy standpunt van 1889 bely en gehandhaaf, dat die inrigting Gereformeerde en Nasionaal (Afrikaans) was en dit steeds moet bly. Wat die trefwydte en missie van die inrigting betref, sien hy voor sy reeds wasige geestesoog “mannen ten volle toegerust, wetenskaplike mannen van de school uitgaan, en werken ten nutte van volk, land en kerk”.¹³

‘n Huldigingsadres, deur die studente aan Cachet aangebied, getuig daarvan dat die geskiedenis van die Teologiese Skool ook sy geskiedenis is. Ons Alma Mater, sê hulle verder, het moeilike tye deurleef: klein en verag, soos ‘n dobbertjie op die lewensee en kwaai rondgegooi deur die lewenstorme, bedreig deur inwendige en uitwendige gevare, het Cachet tog as hoof die inrigting “met fijn beleid” en deur die trou van die Here veilig bestuur.

In sy afskeidsrede het Cachet teruggegryp na die sinodebesluit in 1869 en gesê “dat wij toen dachten aan eene Christelijke Hoogeschool” en dat die fondament gegrawe is in die hoop “dat eenmaal op dat fondament een tempel der wetenschap verrijzen zou, waarvan de hoek steen zou zijn: ‘Gods heilig Woord.’” Die destydse behoefte word steeds gevoel, is groter: “Over de richting van het onderwijs in de publieke scholen



1.6.3

Prof Jan Lion Cachet (“Ou Oom Jan”) in sy studeerkamer. Na sy uittrede was Cachet tot op die dag van sy dood, 21 September 1912, op deelydse basis betrokke by opleiding. Met sy begrafnis het sy opvolger, prof JD du Toit, hom gehuldig as “een groot man ... ‘n geniale man, van Zuid-Afrikaanse vermaardheid” en ‘n wegwysers, ‘n man van wysheid en takt, ‘n vriend en ‘n vader.

Van Nederlandse kant het vise-konsul H Altman hulde gebring aan “een groot Nederlander en een zoon, waarop zijn vaderland met recht trots mag zijn. Toch was hij in de volste zin des woords ook een groot Afrikaander”.

Op sy beurt het prof Ferdinand Postma die veelsydigheid van Cachet uitgelig en wel op die gebied van die onderwys, op maatskaplike en politieke terrein, as kampvegter vir Afrikaans en vir die Afrikaner, en as Woordbediener. Tot op sy sterfdag, toe hy nog ‘n lesing aan studente gegee het, was hy, volgens Postma, “die vriendelike professor” na wie elke student met vrymoedigheid kon gaan, oor welke saak ookal.



wil ik nu niet veel zeggen; alleen merk ik op, dat ieder Gereformeerd Christen zeker met beving zijne kinderen naar een der inrichtingen voor middelbaar en hooger onderwijs zal zenden, vreezende dat het daar zal afgeleid worden van het eenvoudig geloof. De behoefte aan een Hoogeschool op Bijbelschen grondslag is in dit land zeker groot ... De vrees dat van ons hooger scholen weldra een stroom van ongelooft oor ons land zal gaan, is zeker geen ijdele vrees.”

As “het schamele hutjie dat wij bewonen” vergelyk word met die heerlike paleis van die verbeelding, die tempel van wetenskap waarna gehunker word, kan ‘n mens dan iemand ten kwade dui as hy hierdie hutjie verag, vra hy. En gee self dan die antwoord. Met die boodskap van die profeet Sagaria (Sag. 4 vs 10) om nie die dag van klein dinge te verag nie, het Cachet afskeid geneem en aangetoon dat sy uittrede en die bevestiging van sy opvolger die afsluiting van ‘n deel van die Skool se geskiedenis sowel as die begin van ‘n nuwe era is.¹⁴

Die formele afskeid van Cachet het saamgeval met die verwelkoming van sy opvolger, dr JD du Toit (Totius), wat in ‘n spesiale feesnommer van *Fac et Spera* by hierdie dubbele geleentheid as “‘n echte zoon van ‘t Zuid-Afrikaanse volk ... ‘n waardige zoon van de grote Calvijn” bestempel is.¹⁵

Hoewel primêr verbonde aan die Teologiese Skool en grotendeels betrokke by die opleiding van predikante, sou Du Toit ‘n baie kardinale rol speel in die ontwikkeling van die Literariese Departement en later ook in die geskiedenis van die universiteit wat daaruit gegroei het. Hy sou nie net met sy oë aanskou nie, maar sou ook deelgenoot wees aan die verwesenliking van die ideaal waarvoor hy en studentemaat Ferdinand Postma aan die begin van die eeu daar in Amsterdam reeds gedroom het.

Met sy intrede as teologiese professor het Du Toit ampshalwe ook die rektorstoel beklee. Dit moes tog ietwat van ‘n ongemaklike situasie gewees het dat ‘n buitestander oftewel nuweling nou skielik in hierdie belangrike pos ingestap het. Veral waar ‘n man soos Ferdinand Postma reeds vanaf 1904 aan die Skool verbonde was en inderdaad in die voorafgaande paar jaar, in sy hoedanigheid as assistentrektor vanaf 1907 en vanweë rektor Cachet se toenemende bejaardheid en afname in kragte, die leidende rol in die vestiging en uitbou van die inrigting en veral die Literariese Departement gespeel het.

Ferdinand Postma? Ja, vir hom was die eerste mylpaal bereik, die grondslae waarop verder gebou kon word, stewig gelê. Einde 1911 lê hy boonop die kandidaatseksamen van die Teologiese Skool af, nadat hy onder meer volpunte vir preekkunde behaal het.¹⁶ Anders as sy professorale voorgangers – ooms Petrus

en Stephanus, pa Marthinus en broer Dirk – wend hy hom nie ook na die kansel nie. Nee, intendeel: sy briljante akademiese onderbou het afronding gekort en daarom is gevoel dat hy na Nederland moes terugkeer, om sy doktorsgraad te verkry. En dit moes haastig geskied, want groot ontwikkelinge op die gebied van universiteitsonderwys was in die pylynn ...


Dit was ongetwyfeld vir Postma swaar om juis in die tyd toe die wording en toekoms van die universiteitswese so sterk op die voorgrond getree het, homself vir ‘n jaar of desnoods langer in isolasie te begeef. Dat boesemvriend en geesgenoot Japie du Toit nou aan die stuur van die Potchefstroomse skippe op die ontstuimige see van hoër onderwys in Suid-Afrika gestaan het, moes seker vir hom ‘n riem onder die hart gewees het. Van jaloesie en naywer is daar geen teken nie.

En so vertrek Postma einde November 1912 na Nederland, om aan die Vrije Universiteit aan die voete van sy Gamaliël, die gevierde Nederlandse klassikus prof Jan Woltjer, verdere akademiese afronding te verkry. Ferdinand se pa, ds Marthinus Postma – wat in die negentigerjare die literariese leerstoel beklee het – het met toestemming van sy Johannesburgse gemeente in sy seun se plek kom waarneem.¹⁷

Nadat hy aanvanklik weens ongesteldheid sy studieverlof tot Februarie 1914 moes laat verleng, het Postma einde Oktober 1913 vir verdere verlenging gevra, met die motivering dat dit gaan om “een zaak van gewichtige beteekenis voor de School van onse kerk”. Wat presies hiermee bedoel is, is nie seker nie. Dit is wel bekend dat hy teen September 1913 ‘n bedrag van £25 ter uitbreiding van die Voorbereidende Skool (die latere Potchefstroom Gimnasium) van ‘n CNO-vereniging in Nederland ontvang het.¹⁸

Postma het sy doktorsale eksamen vroeg in 1914 afgelê, met ‘n proefskrif oor die Godsbegrip van Vergilius. Maar dit is in Latyn geskryf, met titel *De numine divino quid senserit Vergilius* – en hy het dit boonop tydens die promosieplegtigheid in Latyn verdedig!

Teen die middel van 1914 is prof Ferdinand Postma terug op Potchefstroom en word hy met ope arms deur familie, vriende en kollegas terug verwelkom: “De begroeten van familie, professoren, studenten en verdere vrienden op het platform van de statie was een levendig toneel om aan te zien. Toen ging het vandaar in cabs en motors naar de woning van de heer J.J. Coetzee, zwager van Prof. Postma waar de officiële ontvangst zou plaatshebben. Daar was een enorm wijde tent gespannen, met tal van tafels, feestelik opgedist en stoelen, uitlokkende tot rustig neersitten. ‘t Was daar recht gezellig ...”¹⁹



1.6.4

*Bo: Prof Jan Woltjer.**Regs: Postma-promosie 1914.*

Prof Jan Woltjer was sedert 1881 verbonde aan die VU. Tydens sy 25-jarige jubileumvieringe in 1906 is hoë hulde aan hom gebring as filosoof maar ook vanweë sy ywer op die gebied van kerk en skool, in die parlement en vir die bevordering van hoër onderwys. Die versugting was “dat het ons nog lang vergund worde, ons te oefenen door zijn scherpzinnigheid bij het nagaan van de wording der taal, te genieten den ijver, waarmee hij met ons uit de werken den geest van iederen schrijver nagaat; te bewonderen zijn gave, op mensen en daden een zuiver en scherp licht te laten vallen en ons onder zijn leiding te verdiepen in de vraagstukken op het gemeenschappelijk gebied der wijsbegeerte”. Voorwaar ‘n merkwaardige figuur, dié “Gamaliël” aan wie se voete Ferdinand Postma aan die begin van die eeu gesit het en na wie hy hom nou weer in 1913 gewend het, vir afronding van sy akademiese skoling.



Die praetor van die studente, DN Kotze, het “als tolk van de studenten”, ‘n afskeidsgroet gerig tot die adres van ds Marthinus Postma, wat in sy seun se plek waargeneem het, en het ook vir prof Ferdinand verwelkom. Hy het ook die versugting geslaak “dat onze School nog eenmaal uitgroeien zal tot een Universiteit op Gereformeerde grondslag” en hy sien Postma se terugkeer, “gedoctoreerd in ons midde”, as ‘n mylpaal op daardie pad. Postma op sy beurt was bly om weer terug te wees en sou sy taak met al sy kragte en al die liefde van sy hart hervat. Maar hy waarsku teen ooroptimisme (“tegen het al te hoog spannen van de verwachting”) ten opsigte van die universiteitsideaal: daar sal nog baie groei en langsame groei nodig wees voordat dié ideaal bereik sal word.²⁰

Tydens die kuratorevergadering einde November 1912 vind ‘n byeenkoms plaas “die in het leven van onze school niet licht vergeten zal worden”: dosent Jan Kamp, reeds sinds 1905 ‘n lid van die personeel, is bevorder tot professor en hou sy intreerede oor “De nieuwe richting in de Nederlandse letterkunde”. Besonder pakkend, lui die berig oor die byeenkoms,

was sy slotwoorde: “Wij willen u niets opdringen, óók niet de nieuwe Literatuur van Holland. Wij raden u: laat staan alle model-kiezerij. Want wij hier in Zuid Afrika moeten komen tot ontwikkeling van **eigen** krachten, naar **eigen** aard en op **eigen** wijze. Wij zijn dat verkeerde pad al op! Onze publieke gebouwen, onze woningen, onze kleding, ‘t contrasteert alles met de toon en met de behoeften van ‘t land. Tot een ergeriswekkende hoogte is geklommen de verkrachten van het Afrikaanse volksleven in onze lagere en middelbare scholen, met hun **psychologiese leugens**, waaronder die van een vreemd medium. Jongelingen van Zuid-Afrika, wat ge ook uit de Europeese kultuur om u heen kristalliseert, zorgt dat uw **kern** gezond Afrikaans zij.”²¹

Studentepraetor Kotze het hul toegeneentheid jeens Kamp betuig: “Het was hun zeer aangenaam zijn kolleges te volgen en daarom verblijden zij zich dat zij hem voortaan mogen begroeten als Prof. Kamp”. En ook dank aan die kuratore betuig: “Het is een stap nader aan de vervulling van het ideaal dat de studenten zich voorstellen, n.l. een universiteit op Geref.

grondslag.” Kuratorevoorsitter ds T Hamersma het op sy beurt prof Kamp begroet as “een vriend van ons allen” en sy gelukwense oorgedra aan mev Kamp, “die veel van de omgang met haar man moet missen, omdat hij steeds met z’n neus in de boeken zit”.²²


Maar personeelaangeleenthede was nie net altyd maanskyn en rose nie. In November 1915 vind daar feitlik ‘n herhaling plaas van die gebeure tien jaar tevore en wel rondom die persoon van Wiskundeprofessor APC Duvenage. Die praetor van die studente, JC van Rooy, het naamlik deur bemiddeling van die rektor, prof SO Los, klagtes teen Duvenage ingebring wat neergekom het op onbekwaamheid om te doseer “wegens gebrek aan takt”.²³

Die behandeling van die klag het die aard van ‘n hofsaak aangeneem. Eers moes rektor Los verduidelik waarom hy as tussenganger opgetree het en hierna is Van Rooy onder kruisverhoor geneem. Een kurator het gevoel dat die saak by die Senaat tuishoort, maar daar is ‘n kommissie aangewys om die saak te ondersoek.

In sy verslag, wat nie tussen die kuratore se stukke teruggevind kon word nie, het die kommissie ‘n klag teen Duvenage geformuleer, maar hy het op al die punte onskuldig gepleit. Hierop is hy gekonfronteer met drie studente se skriftelike en mondelinge getuienis, waarna hy self twee studente ter ondersteuning geroep het – een van hulle was die uitblinkerstudent Lodewikus (LJ) du Plessis. Weer is praetor Van Rooy teruggedroep, terwyl Gimnasium onderwyser DJ van Rooy uitgevra is oor die aanbieding van privaatlesings aan studente. Geen dokumentasie betreffende die aard van die getuienis het skynbaar behoue gebly nie.

Duvenage het steeds teruggekap en gesê dat dit by die studente ‘n persoonlike saak is, daar sy eksamenresultate goed is. In dieselfde asem voeg hy ietwat verontskuldigend by dat hy te min tyd kry om al die werk te doen. Ook proff Postma (oor die gedrag van die beswaarde studente) en Du Toit (oor die beeld van die inrigting na buite) is deur die kuratore aangehoor en na verdere ernstige bespreking is tot ‘n besluit gekom.

Vir die meeste klagtes, lui die bevinding, is daar nie voldoende gronde om ‘n aksie teen die professor in te stel nie, maar die openlike optrede van die studente om oor die dosent se gebrek aan takt te getuig, voortdurende ontevredenheid en die feit dat daar etlike jare tevore ‘n dergelike klag teen hom was, “wekt de gedachte dat zijn wijze van onderwijs niet bevrediging geeft”. Hierdie ontevredenheid word in kerkverband versprei, dit skrik jongelinge af om hierheen te kom – en dit bemoeilik op sy beurt weer die kuratore se taak om die Teologiese Skool in stand te hou.



1.6.5

‘n “Hofsaak”, einde 1915: Dosent APC Duvenage (aangekla) en student JC van Rooy (aanklaer).

En dan val die beslissing: Met innige leedwese maar eenparig word prof Duvenage “in ernstige overweging gegee gedurende de loop van 1916 uit te zien naar ‘n andere positie”.

Die studente is op hul beurt oor die vingers getik omdat baie van hul klagtes as ongegrond bevind is, omdat hulle nie op simpatieke wyse hul besware teenoor die professor self gelug het nie en daar argwaan teenoor hom opgewek is. ‘n Sedelessie word toegevoeg: “Studenten moeten bedenken zulk ‘n wijze van handelen kan veel onheil voor kerk en school te weeg brengen.”²⁴

Wat Duvenage se onmiddellike reaksie hierop was, is nie bekend nie. Wel lees ‘n mens in die notule van ‘n spesiale vergadering gehou op 8 Maart 1916 dat hy, om moontlike misverstand oor die advies aan hom uit te skakel, verwittig word “dat bedoeld worden dat zijne diensten, als Professor aan het Lit. Departement v.d. Theol. School, met December 1916 ‘n einde nemen”.²⁵ Hy word dus afgedank, kort en klaar.

Duvenage, wat dus volgens die “hofsaak” bloot op grond van ‘n vermoede (“wekt de gedachte”) die trekpas gekry het, het egter in November 1916 die kuratore per brief versoek dat die besluite oor hom in hersiening geneem word. Senaatslede het vir hom in die bres getree: daar het groot verbetering ingetree, die professor het hom besonder toegelê op sy werk en ook hard probeer om met meer takt op te tree, sodanig so dat selfs die studente “hoogst tevreden” is.

Hierop is Duvenage deur die kuratore binnegeroep en het hy hulle meegedeel dat dit vir hom ‘n lewenskessie is om sy pos aan die skool te behou. Op grond van sy erkenning van vroeëre tekortkominge en met kennisname van sy ernstige voornemens, soos die afgelope jaar in sy wandel en werk openbaar, is besluit om hom vir ‘n jaar te kontinueer en dan ‘n finale besluit te neem.²⁶



Voorasnog het die stofwolke rondom hierdie stormvoël in die gemeenskapslewe gaan lê. Die “rehabilitasie” was skynbaar van so ‘n aard dat hy selfs in Februarie 1919 aangewys is om, volgens die rotasiesisteen, in 1920 as rektor van die Teologiese Skool te dien.²⁷

Teen die einde van 1916 is dit weer die energieke Jan Kamp wat hom so effens die gramskap van kuratorevoorsitter ds Petrus Postma op die hals haal en wel deur swak bywoning van die belangrike reeks vergaderings van die kuratore saam met die sinodale kommissie, oor die toekomsbestemming van die inrigting. Ds Postma het aan Kamp ‘n boodskap gestuur met die strekking dat van hom verwag word om die vergaderings by te woon en dat hy gevra sou word “of hij medewerker is aan Het Westen en of hierdoor zijn werk aan de School niet skade lijdt”.

Na etenspouse is Kamp toe wel teenwoordig, en word deur die voorsitter oor die kole gehaal. Kamp se verskoning vir afwesigheid was die ekstra werk by die koerant vanweë die plotselinge dood van president Steyn en die artikels wat hy moes skryf. Kamp het verder vir Postma en die vergadering die versekering gegee dat sy werk by die Skool nie in die minste

agterweë bly nie “maar dat hij integendeel nog extra werk verrigt”. Postma was tevrede.

Dat sy buitebedrywighede Kamp darem nie ten kwade gereken is nie, blyk uit die feit dat ‘n rukkie later in dieselfde vergadering ‘n senaatsaanbeveling aanvaar is dat Ferdinand Postma in 1917 en Kamp in 1918 die rektorstoel sal beklee.²⁸

Nuwe dosent SPE Boshoff se koms na die Teologiese Skool het ‘n besondere aanloop.



As ‘n briljante student behaal hy in 1911 op 20-jarige leeftyd sy BA-graad aan die Grey Universiteitskollege, met onderskeidings in Nederlands, Duits en Engels. Twee jaar later is dit die MA-graad, weer met lof. Met sy akademiese prestasies verower hy die Koningin Victoria beurs en die Kanseliersmedalje van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (UKGH) en gaan sit sy studies voort aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam.

Na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog keer hy in November 1914 terug na Suid-Afrika en raak betrokke by die Rebelle. Hy bevind hom in genl CF



1.6.6

SPE Boshoff – sy koms na die Teologiese Skool het ‘n besondere aanloop gehad.



1.6.7

Titelblaai van Boshoff se boeke. Boshoff was van vroeg in sy loopbaan af heel vaardig met die pen. Reeds in Augustus 1916 publiseer hy sy eerste werk, getiteld Vaalrivier die Broederstroom en met subtitel Of die uiteinde van generaal C.F. Beyers. Hy dra die boekie, as synde sy eie ervaringe gepaard met toepaslike historiese feite wat hy rondom die gebeurtenisse versamel het, aan “die Afrikaanse volk” op. In 1918 volg ‘n verdere publikasie, Rebelle-sketse uit my dagboek, 1914-1915. Op sy beurt word hierdie boekie opgedra aan president MT Steyn, vir sy pogings tot bemiddeling tydens die Rebelle van 1914-1915.



Beyers se kommando en is ooggetuie van die tragiese dood van hierdie Afrikanerleier in die Vaalrivier. Hy word self gevange geneem, ‘n tyd lank in tronke aangehou en toe vrygelaat. Die UKGH-owerheid het nie genoeë geneem met sy optredes nie en het sy beurs ingetrek.²⁹

Reeds in November 1912 het die jong Senaat van die Teologiese Skool die groot behoefte aan meer leerkragte in die Literariese Departement “meer in ‘t bizonder met ‘t oog op de Engelse taal en letterkunde”, uitgespel. Later in dieselfde vergadering word kennis geneem van onderhandelinge tussen die kuratore en ‘n ongenoemde persoon as moontlike dosent in Engels³⁰ – vermoedelik Boshoff.

Wanneer en hoe die eerste kontak met Boshoff bewerkstellig is, kon nie vasgestel word nie. Hy is wel vanaf Augustus 1915 in tydelike hoedanigheid aangestel in die plek van prof Kamp, wat met ses maande verlof as redakteur van ‘n nuwe Afrikaanse dagblad in Pretoria gaan optree het.

Tydens die onderhandelinge met bevriende Nederlandse groepe oor finansiële hulpverlening, wat teen die middel van 1915 op gang gekom het, het die posisie van Boshoff ter sprake gekom en sou sy voortgesette aanstelling vanaf begin 1916 afhanklik wees van hierdie Nederlandse bydraes. Aanvanklik dosent in Nederlandse taal en letterkunde, het Boshoff spoedig ook Engels doseer. Vir langer as ‘n dekade sou hy een van die grondleggers van hierdie wordende universiteit wees en het hy in die proses as vakman maar ook as openbare figuur diep spore getrap.

1.6.4 Fonds- en studentewerwing

Die pasingestelde Senaat van die Teologiese Skool/Literariese Departement sou van meet af aan in die brandpunt staan van die stryd om voortbestaan. ‘n Stryd wat hoofsaaklik gewentel het rondom ‘n tekort aan fondse en te min studente, en wat wye rimpelings in die Gereformeerde Kerkverband veroorsaak het.

Inderdaad het dit maar beroerd daaraan toegegaan, wat studentegetalle betref. In 1910 was die getal maar net 25³¹ en dit het die sinode genoop om ‘n besluit te neem dat gemeentes meer moeite behoort te doen “om talentvolle jongelinge op te wekken naar onze Theologiese School te gaan, en indien zij daartoe behoeftig zijn, ze te ondersteunen”.³² Nie dat hierdie beroep onmiddellike sukses getoon het nie: in 1911 styg die studentetal met ‘n skrale twee na 27 – waarvan een prof Ferdinand Postma self was, wat die kandidaatseksamen in teologie afgelê het.³³

Nadat ‘n kuratore-oproep om fondse by vermoënde lede van die kerk ook geen reaksie opgelewer het nie, neem diaken Sarel G Yssel van die Potchefstroom-gemeente en onderwyser aan die Voorbereidende Skool die inisiatief. In ‘n brief in *Het Kerkblad* in Mei 1911 kom hy na vore met die unieke idee om geld vir beurse aan studente in te samel deur die skenking van koeie of verse, met hulle aanteel.³⁴

Hierdie “Koestelsel”, soos dit voortaan bekend sou staan, was ‘n wenresep en berigte van sulke skenkings het spoedig ingestroom. Die nuutgevormde Senaat, onder voorsitterskap van prof JD du Toit, het dit nodig geag om kerkrade te adviseer om die insamelings oordeelkundig aan te wend vir beurse aan studente te Potchefstroom of Steynsburg. Ook is gewys op die strewe om met behulp van die sterk vermeerderde veebesit nie net deeglike Christelike onderwysers te vorm nie, “maar ook langzamerhand het ideaal te naderen van een Christelike Hogeschool, waar mannen kunnen gevorm worden voor dit Hogeschool zelf, voor de gymnasia zowel als lagere scholen, en verder voor alle hogere betrekkingen in staat en maatschappij”.³⁵

Op ‘n kuratorevergadering in Desember 1911 het die lank gekoesterde ideaal om onderwysers op te lei, sterk gefigureer en is die senaat summier opdrag gegee om via die gemeentes geld vir die instelling van ‘n professoraat in pedagogiek in te samel.³⁶

Die nuwe Potchefstroomse predikant ds WJ de Klerk is deur die Senaat as boekhouer en kassier aangewys om die fondsinsameling vir die doel te koördineer. Vir hom, “Willem die dromer”, was dit ‘n uitgemaakte saak: die ideaal van ‘n eie universiteit moet verwesenlik word, al verloop daar intussen etlike jare. Op 1 April 1912 publiseer hy ‘n lys van skenkings vanuit sy eie gemeente: 43 persone het altesaam 39 verse geskenk terwyl 6 persone £28 in die fonds gestort het.³⁷ Tydens die November 1912 vergadering van die kuratore is met waardering kennis geneem van wat in hierdie verband deur die Senaat en ds WJ de Klerk met die sogenaamde “Koestelsel” gedoen is. Daar is egter aan die hand gedoen dat insameling voortaan eerder onder die vaandel van uitbreiding aan die Teologiese Skool in die algemeen as vir spesifiek ‘n leerstoel in opvoedkunde moes geskied³⁸ – waarskynlik die gevolg van ‘n gevoeligheid oor finansiering van die groeiende inrigting, wat spoedig veel groter afmetings sou aanneem.

Die behoefte aan meer studente het daartoe gelei dat die kuratore teen die einde van 1913, op advies van die Senaat, oorweeg het om, soos by Calvin College te Grand Rapids, ‘n reisende sekretaris aan te stel wat die belange van die Skool moes propageer en fondse insamel. Skynbaar het die gedagte nie inslag gevind nie en word daar teen die einde van 1914 met dank kennis



wordt uitgestrekt naar allerlei namaaksels zoals toverij, waarzeggerij, geestengeloof en zoveel meer.

De wonderen behoren tot het terrein der biezondere openbaring en doen ons Christus kennen als de Zaligmaker niet alleen door woord maar ook door daad. Die betekenis wordt door Ds. Wielinga heerlijk in het licht gesteld. Reeds de inleiding, lopend over 48 bldz., is kostelik. Daarin is winste gedaan met wat onze beste theologen op dit gebied hebben geleeraard. Aan de eigenlike verklaring gaan de volgende hoofdstukken vooraf: de namen, de betekenis en de verklaring der wonderen, de wonderen en de natuurwetten, de wonderen der oude bedeling, de wonderen der apostelen, de wonderen van Satan, het geloof der wonderwerken. Wij hopen dan ook dat deze korte aankondiging reeds voldoende moege zijn om menigeen tot het bestelven van dit schone boekwerk aan te zetten.

DE VEESCHENKING AAN DE THEOL. SCHOOL.

't Koestelsel heeft nu een bepaalde vorm gekregen. Toen Diak. IJssel van Potchefstroom daarover schreef gevoelden velen, dat de veescheking een goed middel is om onze Theol. School op te bouwen. 'n Fonds ter vermeerdering van het professorental is zo brood noodig. 't Ideaal van 'n eigen Hogeschool moet verwezenlikt al moeten nog enige jaren verlopen. Om jaarliks ene meerdere bijdrage van de gemeenten te vragen zal niet gaan. De kleinere gemeenten zullen daaronder lijden en misschien verhinderd worden een eigen Herder en Leeraar te beroepen. Inzonderheid op het oogenblik, nu de behoefte zo sterk gevoeld wordt aan degelike kristelike onderwijzers aan wie niet slechts 't lager maar ook 't middelbaar- en hogeronderwijs kan toevertrouwd worden, en aan de Senaat van de Theol. School door de heren Kuratoren is opgedragen om middelen te verzamelen waaruit een Professor in de Paedagogiek en Methodiek gesalarieerd kan worden, moet hard gewerkt worden om de fondsen der school te stijven. De ondergetekende is door de Senaat benoemd tot zijn boekhouder en kassier van 't Fonds voor 't salaris van een Professor die belast zal zijn met de opleiding van onderwijzers.

Hieronder volgen de namen en de giften van hen die reeds hebben bijgedragen tot dat Fonds.

Het vee wordt gegeven op voorwaarde dat de aantel verkocht en de opbrengst aangewend zal worden om de te benoemen Professor(en) te salarieren. Ook het geld is gegeven voor een vaste rente fonds.

De volgende personen uit de gemeente Potchefstroom hebben ieder 'n vaars gegeven:

G. J. van Vuuren, Boschhoek; T. A. du Plessis, Kaalplaats; T. J. Schutte, Deelkraal; G. H. van der Walt, Deelkraal; B. J. P. Buys, Wonderfontein Oog; Měj. Trichardt, Elandskuil; D. J. J. van Vuuren, J. H. Yssel, G. J. Yssel, A. G. C. Yssel, P. J. Snijman, D. J. Yssel, P. L. Yssel, T. J. Booyens, N. A. S. Nel, G. E. Yssel, S. J. G. Yssel, L. Venter en M. P. J. van Vuuren allen van Elandskuil; P. J. W. Schutte, W. S. v. d. Merwe, Bettie Booyens, G. J. van Vuuren, S. P. Deyssel, T. P. Venter, en J. L. Deyssel allen van Klipplaatsdrift; O. J. van der Schijf, O. J. Venter, J. Schutte, P. J. v. d. Schijf, J. S. M. Venter, G. J. Kruger, K. Venter, L. van Wijk en E. D. Venter allen van sterkstroom.

De volgende personen hebben gezamenlik een vaars gegeven:

Ph. A. J. en D. J. Opperman, Doornfontein; A. P. Nel en P. L. Bezuidenhout, Doornfontein; P. J. Wolvaardt en L. J. Buys, Wonderfontein Oog; P. J. en A. A. Strijdom, Elandskuil; S. G. Yssel, Elandskuil, £5; Prof. J. Lion Cachet £4; Docent J. Kamp £4; Ds. W. J. de Klerk £5; J. J. A. Coetsee £5; S. Coetsee £5. tezamen: 39 Vaarzen en £28. (Wordt vervolgd).

-W. J. de KLERK.

Potchefstroom,
27 Maart, 1912.



1.6.8

Sarel Yssel - vader van die "Koestelsel".

geneem dat professore soveel as moontlik gemeentes besoek, met die oog op studentewerwing. Ook die hulp van predikante sal hiervoor gesoek word.³⁹

1.6.5 Waterskeiding: Sinode 1913

Die sinode wat vanaf 6 Maart 1913 te Steynsburg gehou is, sou in vele opsigte 'n waterskeiding blyk te wees vir sover dit die posisie van die Literariese Departement binne die Teologiese skool betref.

Die kuratore se rapport lyk goed. Die "werkende personeel" bestaan uit drie professore (Du Toit, Duvenage en Kamp) en ds M Postma, wat waarneem vir broer Ferdinand wat oorsee studeer. Studentegetalle gee ook moed vir die toekoms: 22 (25) in 1910, 27 in 1911 en 34 in 1912. 'n Nuwe losieshuis is ook gebou. Aan die einde van 1912 was daar 44 inwonende studente, van wie sommige leerlinge van die Voorbereidende Skool was.⁴⁰

Bo en behalwe die sake wat formeel in die verslag uitgespel is, het die kuratore dit nodig gevind om

sekere voorstelle rondom die toekoms van die inrigting afsonderlik aan die sinode voor te lê. Eerstens was daar die noodsaaklikheid om dadelik nog ‘n professor in teologie te benoem “en de middelen daarvoor te vinden”. En, in dieselfde asem: dat die sinode “in die naaste toekomst ook meerdere assistentie verleen aan het Letterkundig Departement; evenzoo moeten de middelen daarvoor gevonden worden”.⁴¹

Maar dis nie al nie. Die sinode word gevra om die wenslikheid te oorweeg om regeringsubsidie aan te vra vir die hoër literariese onderrig en moet ook aandui op welke voorwaardes dit aanvaar kan word. En, les bes: hoe kan in die behoeftes van die literariese professore voorsien word indien hulle weens ouderdom of andersins onbekwaam raak om hul dienste te verrig?⁴²

Die versoek vir ‘n tweede professoraat in Teologie is sonder kibbeling toegestaan en daar en dan afgehandel deur ds Ph C Snijman, wat met sy doktorsale studies in Nederland besig was, in die hoedanigheid aan te wys. Die geld vir die pos sou verkry word uit ‘n verhoogde



1.6.9

Dr Ph C Snijman. Die eertydse literariese professor het in 1913 ‘n benoeming as teologiese professor van die hand gewys. Twee jaar later, in 1915, is hy skielik op 40-jarige leeftyd oorlede. Hy was ‘n briljante persoonlikheid en sou beslis ‘n aanwinst vir die inrigting gewees het.

heffing vir gemeentes.⁴³ Snijman het egter nie die pos aanvaar nie en die kuratore het later vir dr SO Los, predikant van Pretoria, as professor aangewys.⁴⁴

‘n Verslane voorstel dat die kuratore “zoveel mogelijk gelden tans besteed voor het Litteraries Departement te bestemmen voor het Theologies Departement, om zodoende langzamerhand meer geld los te krijgen voor ‘n tweede Professor” dui duidelik op onvergenoegdheid en ‘n gevoel dat daar oorbestede word op die Literariese Departement. Oor die kwessie van noodgedwonge aftrede van literariese professore het ‘n kommissie van prae-advies aanbeveel dat diesulkes ‘n ekstra jaar se toelae ontvang, maar dit is weens die finansiële toestand van die inrigting nie aanvaar nie.⁴⁵

Reeds tydens kennisname van die eksamenuitslae het die sinode die kuratore versoek om die sinode te adviseer oor die oprigting van die beplande staatsuniversiteit en welke houding daarteenoor ingeneem staan te word.⁴⁶

Die kuratore se versoek rakende aansoek om subsidie is na hulle terugverwys, vir prae-advies.⁴⁷ Wat betref die inrigting se verhouding met die op-te-rygte universiteit en die kwessie van subsidie, het die kuratore by die sinode aanbeveel “om hen op te dragen bij de Regering of Parlementsleden stappen te doen, opdat de Studenten aan de Theol. School ‘t recht behouden om de staatsexamen af te leggen, en om subsidie voor ‘t Litteraries Departement aan te vragen mits ons beginsel en vrijheid van bestaan onverlet gehandhaafd blijven”.⁴⁸ Dat daar inderdaad tweedrag en spanning was oor die eise wat deur die Literariese Departement gestel word, blyk verder uit die hantering van ‘n beskrywingspunt van die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie,⁴⁹ om ‘n professor in Pedagogiek aan te stel.

Altesaam vier voorstelle is ingedien: een hiervan wou van die saak afstap, ‘n tweede wou dit na ‘n kommissie verwys en ‘n derde wou dat die verskillende algemene vergaderings eers daarvoor besin. ‘n Simpatieke vierde voorstel van ds Petrus Postma, gesekondeer deur ds Willem de Klerk, is egter aanvaar: vir die teenswoordige kan die sinode “wegens de grote ander geldelike zaken aan de orde” nie amptelik uitvoering daaraan gee nie, maar gemeentes word versoek om met die vrywillige veeskenkings te volhard, in die hoop dat die gewenste aanstelling wel in die toekoms gedoen sal kan word.⁵⁰

Die praeses van die sinode, ds LP Vorster, het sterk protes aangeteken en dit op skrif gestel. Eerstens, sê hy, is deur die besluit die beginsel aanvaar “dat de kerk als instituut geroepen is, het wetenschappelijk onderwijs van personen die niet tot bedienaren des Woord worden



1.6.10

Ds LP Vorster. beweer dat die karakter van die teologiese skool aangetas word deur breë opleiding.

opgeleid, te behartigen”. En daardeur, sê hy, “wordt het karakter onzer Theologiese School aangetast”.⁵¹

Daar was onmiskenbaar ‘n kloof besig om binne die geleedere van die Gereformeerde Kerk te ontwikkel vanweë ekonomiese oorwegings maar ook beginselonthalwe, oor die wenslikheid om die Literariese Departement verder te akkomodeer. Die groei van hierdie departement was in elk geval sodanig dat dit nie veel langer meer binne die opset van die Teologiese Skool deur die relatief klein kerkverband gedra sou kon word nie.

1.6.6 Riebeeck Kollege? Nee ... “Een kale reis”

In Desember 1911 het die kuratorekommissie, wat benoem is om op Cachet se waarskuwing in te gaan het, wel die saak met die minister van Onderwys, FS Malan, opgeneem. Laasgenoemde het in korrespondensie laat blyk dat daar geen gevaar vir privaatinrigtings soos die Teologiese Skool bestaan nie.⁵²

Nadat die saak van die te-stigte staatsuniversiteit en die plek en rol van die Potchefstroomse inrigting ten opsigte van die beoogde nuwe bedeling, in Maart 1913 sy draai by die sinode gemaak het – waar dit maar net weer vir advies terugverwys is na die kuratore⁵³ – het die kuratorekommissie tot verdere aksie oorgegaan. Ds Ph C Shijman het intussen sy studies in Nederland gaan voortsit en dr SO Los, die aangewese nuwe teologiese professor, het sy plek op die kommissie ingeneem.

Teen die agtergrond van die gemengde gevoelens wat tydens die sinode van 1913 openbaar is oor die voortgesette akkomodering van die Literariese Departement binne die Teologiese Skool-opset, en die verwickelinge en woelinge op die breë vlak van hoër onderwys in die land, het die Potchefstroomse akademiese gemeenskap op hierdie tydstip te staan gekom voor die vraag: waarheen dan nou, met hierdie eie maaksel wat kennelik nie meer finansiële deur die nie te vermoënde ouergemeenskap gedra kon word nie?

Dit was nie net op kommissievlak dat hieroor geredeneer is nie. Ook die Potchefstroomse studente het van hulle laat hoor oor wat in ‘n artikel in die studenteblad *Veritas Vincet* bestempel is as “Die Universiteits kwessie in Suid-Afrika”.⁵⁴ Die skrywer “Bertus” is baie beswaard en voorspel “dat die voorgestelde universiteit die stroom van ongeloof, wat alreeds o’er ons land heengaan, sal verbreed ... Dit sal aan die Afrikaner geef wat hij nou meestal in Europa gaan haal het: vervreemding van die woord Gods en die godsdienst van ons vadere.”

“Bertus” kla verder daarvoor “dat die universiteitsvraagstuk nie word beheers deur pedagogiese beginsels nie, maar deur party-politiek: “Ons volk, insonderheid die Nederduitse Kerk, het die opvoeding o’ergedraag in die hande van die regering ... **Ons** het die Staat baas gemaak op onderwysgebied.” ‘n Ander vrees of beswaar, wat deur “sekere here in die Kaap Kolonie” na vore gebring is, is “dat die universiteit sal teer op die bestaande kolleges, d.w.z. die nuwe inrigting sal van die bestaande kolleges of inswielg of vernietig”.

Te midde van die onrus en onsekerheid oor die lot van die Teologiese Skool met sy groeiende Literariese Departement, het rektor JD du Toit, by die bevestiging van prof SO Los aan die Teologiese Skool vroeg in 1914, ‘n pleidooi gelewer dat die inrigting spoedig die bevoegdheid sou verkry om doktorsgrade toe te ken.

In ‘n redaksionele artikel van die studentekoerant verwys “Vrooy” (heel waarskynlik die later bekende Joon van Rooy) na die “moedgevend en versterkend woord” van die rektor en knoop hy dit vas aan ‘n soortgelyke pleidooi van dr HH Kuyper in die Nederlandse blad *De Heraut*, vir sover dit teologiese skole in Nederland aangaan maar ook vanweë die waarde wat navolging daarvan vir die gereformeerde gemeenskappe in die buiteland kon hê. Met groot verwagting is uitgesien na die reaksie in Nederland: “Immers, is de weg eenmaal doorgebroken, dan kunnen wij volgen ... De zaak is van belang niet alleen voor de Geref. Kerk, maar van uiterst belang voor heel ‘t Zuid Afrikaanse volk.”

Die probleem, oftewel “die doodsteek in Zuid-Afrika”, sê “Vrooy”, is “dat we geen centrum van Christelike Nationale ontwikkeling hebben. ‘t Gezond Calvinistiese karakter van onze voorvaders ... ondergaat niet ‘n autogenetiese ontwikkeling. Dit karakter is grotendeels gesmoord door ‘t uitheemse, aangeplakte onderwijssysteem van de Kaapse Universiteit.” Dit ontbreek nie aan bekwame leerkragte nie en as die Teologiese Skool eers die bevoegdheid gekry het om doktorsgrade toe te ken, “dan is alhier gelegd de hoeksteen van de toekomstige Gereformeerde Universiteit – ‘t enig redmiddel voor ons volk.”⁵⁵

‘n Paar maande later lewer prof Los self ‘n lesing voor die studentekorps Veritas Vincet, met die tema: “Wat kan gedaan worden om de Theologiese School te doen uitgroeien tot een Vrije Universiteit voor Zuid-Afrika?”⁵⁶ Nadat hy die ontstaan van die universiteitswese geskets het, ontleed hy die heersende regeringsbeleid vir hoër onderwys krities en kom tot die gevolgtrekking dat die regering nie die bestaande kolleges se regte moet aantass nie maar hulle geleentheid bied om universiteite te word, deur die vasstelling van voorwaardes vir subsidie en die eise vir eksamens.

Maar dit sal nie deug om stil te sit en te wag dat dinge gebeur nie, sê Los verder: die Calvinistiese voorvaders het geleer dat tot God gebid en die kruut droog gehou moes word. Verwysende na die tweeledige opleiding aan die Teologiese Skool, dui hy koers aan: “Beide scholen, die blijkens hun geschiedenis plantingen Gods zijn, moeten onder onze handen uitgroeien tot fakulteiten, die het recht hebben om kandidaten in de Theol. en de Letteren te promoveren.”

Dit is die roeping van ‘n universiteit “om zicht aan te sluiten bij het leven”, spel Los dit verder uit: “Een ongelovige universiteit raakt op de duur ‘t verband met het leven kwijt, omdat zij over het leven spreekt, zonder te horen naar het getuigenis van de waarheid, dat God buiten ons geeft in de natuur en in ons door de zekerheid des geloofs. Maar, een gelovige universiteit erkent God als het middelpunt van de leven, en daarom eerbiedig ze ook de soevereiniteit van Staat en kerk en maatschappij, ieder in zijn eigen kring. De Theol. fakulteit kan alleen bloeien door een nauw en innig verband met de kerk, de andere fakulteiten alleen door goede overeenkomsten met staatkundige en maatschappelijke instellingen.”

Wat die taalmedium betref, sien Los die oplossing in die bestaan van minstens twee universiteite: een in die Noorde, met Afrikaans as medium, en een met Engelsmedium in die Suide, terwyl die tweede taal as die mees begunstigde behandel moes word. Hy lê baie klem op taal as “een middel tot objektivatie van

gedachten, die straks door de assimilatie van het hart ons eigendom moeten worden” en sê dat die opleiding vir so baie beroepe in vreemde tale deels verklaar waarom daar in Suid-Afrika so min manne van beginsel is wat soos Luther kan sê: Hier staan ek, ek kan nie anders nie.

Los kom tot die gevolgtrekking: “De kracht van onze Theol. School als toekomstige universiteit moet dus gezocht worden in het gebruik van de moedertaal van de studenten, die haar toebetrouwd zijn ... Onze hoop zij daarom, dat er eenmaal een vrije universiteit te Potchefstroom besta als bolwerk van het Noorden in de strijd om de Zuid Afrikaanse moedertaal.”⁵⁷

Inmiddels het prof Los in November 1913 rapport gelewer oor sy verskyning voor ‘n parlementêre kommissie insake die beoogde nuwe Universiteitswet (University of South Africa Bill).⁵⁸ Hoewel die kuratorenotule geen verdere besonderhede bevat nie, blyk dit uit die verslag van die samesprekings dat hy nogal taamlik onder kruisverhoor geneem is deur lede van die kommissie.⁵⁹

Los het dit duidelik aan die kommissie uitgespel dat sy inrigting die reg wou hê om self hul studente te eksamineer, minstens tot op B.A.-vlak, en nie afhanklik wou wees van die voorgestelde raad nie. Want, sê hy, “we feel sure that if there were any members of the Council who regard our colleges antagonistically we are lost”. Hy het ook die wens uitgespreek dat sy inrigting saam met agt ander instellings as ‘n “local faculty” erken sou word, maar dan vry en onafhanklik.

So tussendeur word ‘n paar skerp vrae gevra. Sir Bisset Berry wil weet: Word net studente van julle kerk toegelaat? Die antwoord is ‘n kort en kragtige “nee”. Die voorsitter tree dadelik tot die debat toe en vra of hulle tevrede sal wees met die vryheid om net hul teologiese professore aan te stel. Geen beswaar nie, reageer Los, “but we object to interference with religious principles”. Dan is dit weer Berry: moet professore lede van julle kerk wees? Ja, sê Los, ons het ‘n Teologiese Skool en wil ons studente as predikante oplei. Vir oulaas, ‘n vraag van Berry: Geld dit ook vir professore in Kuns en Wetenskap (Arts and Science)? Weer ‘n bevestigende “ja” van Los.

Teen die einde van die ondervraging gee Los te kenne dat die meeste van sy inrigting se studente in die teologie verder studeer en dat hulle daarom vry behoort te wees. En dan, op ‘n vraag van die voorsitter vra of daar enige ander sake is wat hy wil ophaal, noem hy die saak by die naam: “We would like to become a local faculty, but realise it is difficult under clause **seventeen** of the Bill, which prohibits religious tests. We have religious tests for both students and professors.”



1.6.11

Prof SO Los is as teologiese professor benoem nadat Snijman dit van die hand gewys het. Los was pas na die Anglo-Boereoorlog predikant te Hilversum, waar hy onder meer as prediker vir president Kruger opgetree het. Vanaf 1907 was hy predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria.



Die kuratorekommissie se opdrag is gekontinueer en ‘n jaar later dien daar weer ‘n rapport voor die kuratore, ná ‘n vergadering met die kommissie te Johannesburg.

Die verslag van die Universiteitskommissie onder leiding van sir Percival Laurence maak nogal interessante leesstof uit, vir sover dit die saak van die Teologiese Skool betref. Dit doen aan die hand dat daar twee universiteite moet wees, een in Kaapstad en een in Pretoria of Bloemfontein, en dat die Teologiese Skool te Potchefstroom, met sy ongeveer 40 studente, met die Noordelike universiteit kan affilieer, maar onder voorwaarde dat “het onderzoek naar godsdienstig geloof” afgeskaf word.⁶⁰

Die kwessie van affiliasie het vorige skrywers van die PUK se geskiedenis (JP Jooste, JS du Plessis en GCP vd Vyver) aan die raai gehad. Die opsie van affiliasie word deur een en almal gekoppel aan die beoogde federale universiteit, wat in 1918 as die Universiteit van Suid-Afrika beslag sou kry. Wat hierdie skrywers totaal misgekyk het, is dat daar aanvanklik, in die hantering van die sogenaamde universiteitskwessie wat in daardie tyd die groot akademiese gesprekspunt was, sprake was van ‘n nasionale of federale doserende universiteit in sowel die noorde as die suide. Dit was trouens die aanbeveling van die Percival Laurence-kommissie van 1914.⁶¹ Die idee was dat die Kollege Departement by hierdie nasionale noordelike universiteit, wat op die ou einde toe nooit verwesenlik is nie, sou affilieer.

In ‘n bekendstelling van die Teologiese Skool in die Laurence-verslag word effens bytend gesê dat die Burgersdorp-tydperk onthou word “in verband met de propaganda, niet uitsluitelik theologies”, van wyle prof Cachet. Die inrigting word ook bestempel as “sektaries”. Ook word gewys op die bepaling van die Hoër Onderwys (verdere voorsiening) Wetsontwerp van 1913, wat ondersoek na die godsdienstige oortuigings van dosente en studente asook die onthouding van enige voordele op grond van godsdien, belet. Die vraag ontstaan, lui die verslag verder, “of het Potchefstroom College, terwijl het behoorlike voorsorgen neemt voor het verkrijgen van onderwijzers die sympathiseren met zijn tegenwoordige toon en geest, het niet raadzaam zal vinden zijn konstitutie enigzins te wijzigen met het doel om te delen in de hulp verleend aan andere Colleges die dergelijk werk doen”. Indien die godsdienstige ondersoek afgeskaf word, sou dit nie moeilik wees om hulle te akkomodeer nie.⁶² Maar daarteenoor, “zo lang het zijn kerkelijk karakter behoudt, is het, onder de bestaande regulaties niet gerechtigd op een staatstoelaag ...”.⁶³

Die relaas van die ontmoeting met die kommissie, op 28 Maart 1914 te Johannesburg,⁶⁴ vertel ook ‘n eie verhaal. Ten aanvang het die voorsitter die twee

afgevaardigdes liggies geroskam omdat hulle nie op die amptelike uitnodiging gereageer het nie, maar intendeel eers ‘n paar dae tevore deur tussenkoms van ds Bosman van Pretoria hul behoefte om die kommissie te sien, laat blyk het. Verskeie vrae oor en verwysings na wyle prof Cachet se verbintenis met die Teologiese Skool dui op ‘n ongemaklikheid daarmee by die kommissie. By verdere ondervraging spel ds Petrus Postma uit dat die Teologiese Seminaar en die Literariese Kollege twee totaal losstaande entiteite is, maar hy vind dit moeilik om by verdere vrae dié skeidslyn te handhaaf: Ja, prof Du Toit is hoof van beide instansies ... Ja, Los is teologiese professor maar ook betrokke by die “College” ... Die geboue is deels op dieselfde terrein; ons het afsonderlike geboue.⁶⁵

Hierna is Postma en Los indringend ondervra oor hul versoek om, onder behoorlike toesig, tot op BA-vlak grade toe te ken – met die teenvraag van die voorsitter of hulle nie voel dat sulke plaaslik toegekende grade dalk minderwaardig mag voorkom nie, gesien die geringe studentetal te Potchefstroom. Die reaksie hierop was dat dit om kwaliteit gaan, nie oor kwantiteit nie.⁶⁶

Die ondervraging het onafwendbaar by die kwessie van godsdienstige toetsing vasgehaak. En prof Los het die wind effens van voor gekry, toe hy gekonfronteer is met sy getuienis voor die Parlementêre kommissie die jaar tevore dat Potchefstroom godsdienstige toetse vir sowel studente as professore toepas en dat dit groter erkenning moeilik sou maak. Nadat hy deur ds Postma daarop attent gemaak is dat dit nie korrek is nie, het Los beweer dat hy slegs na professore en nie na studente nie verwys het – wat die voorsitter laat wonder het of die betrokke verslag dan foutief was.⁶⁷ Ds Postma het hierna die moontlikheid genoem dat die toets ten opsigte van professore dalk herooreweg kan word, veral nadat hy telkemale gewys is op die voorbeeld van die Hugenate Kollege in die Kaap, wat ook ‘n kerklike instansie is maar nie ‘n geloofstoets afneem nie en daarom wel subsidie van die regering ontvang.⁶⁸

En as hulle nou verlof kry om grade te kan toeken, vra Postma aan die einde van die ontmoeting, kan hulle dan subsidie verwag om meer dosente aan te stel? Waarop onomwonde reageer word: “Yes, but to get the subsidy, you must abolish the test; the Government only subsidises undenominational institutions.”

Postma hou vol: En wat van vrye inrigtings? Maar die kommissie is ewe beslis: “A sectarian institution will not be subsidised; the subsidy only goes to unsectarian institutions – which have no tests.”

‘n Byna desperate laaste poging, ‘n skoot in die donker: Het die Victoria Kollege dan nie ook toetse nie? As die



antwoord hierop ‘n besliste nee is, is dit asof Postma bes gee: ons sal aandag gee aan die saak, sonder om ons te kompromiteer. Maar, byna pleitend: gee ons minstens die geleentheid “so that we can have some clause put in to prevent our getting an atheist in our College”.⁶⁹

Dit is interessant om daarop te let dat ook die Grey Universiteitskollege aan skerp kruisverhoor deur die Laurence-kommissie en veral die voorsitter daarvan onderhewig was, en dat van GUK-kant sterk eksepsie geneem is teen verrigtinge “more in the manner of a catechism than of a causerie aiming at eliciting valuable information for the Commissioner’s report”.⁷⁰

Die uitkoms van hierdie samesprekings met die kommissie is tog deur Los in sy verslag aan die kuratore as gunstig bestempel en daar was, volgens die rapport wat deur die regering gepubliseer is, ‘n kans dat by die nuwe universiteit geaffilieer sou kon word. Op kuratorevlak word genotuleer: “In verband hiermede word opgemerk dat er geen bezwaar bestaat by de kuratoren om te voldoen aan de eisch van een apart bestuur door ons benoemd voor ‘t kollege met het oog op eventuele affiliasie met de Noordelike Universiteit”.⁷¹ As voorwaarde vir affiliasie is egter duidelik uitgespel dat die studentetal bokant matrikulasie aansienlik sou moes vermeerder.⁷²

Die onderhandelinge om vir die Literariese Departement, of Literariese Kollege, soos dit nou begin noem is, ‘n plek binne die speelveld van die ontwikkelende universiteitswese te verkry, moes dit duidelik by die leiers en besluitnemers tuisgebring het dat studentegetalle van kardinale belang sou wees in hierdie pogings.

In *Het Kerkblad* is gevolglik in Desember 1914 daarop gewys dat die Teologiese Skool meer as ooit tevore die steun van gemeentes en gemeentede nodig het; dit is nou die Literariese Departement wat om uitbreiding roep, uitbreiding bepaaldelik wat studentetal betref. Daar is genoeg studente, vervolg die blad, maar hulle moet net op een plek, in die Literariese Departement, saamgetrek word. En daar moet saamgewerk word met een doel voor oë, naamlik “het verkrijgen van een Kollege of volledig Literaries Departement op gereformeerde grondslag.”⁷³

Terug in die tuig na sy lang afwesigheid oorsee, word prof Ferdinand Postma in November 1914 gekoöpteer as lid van die kuratorekommissie oor die toekoms van die Literariese Departement⁷⁴ en kry die kommissie opdrag om die regering oor geldelike steun te nader, ten einde die matriekklas by die Voorbereidende Skool te voeg.⁷⁵ Daarmee sou die skeidslyn tussen Teologiese Skool en Voorbereidende Skool finaal getrek word.

Met Postma kennelik as dryfveer, het die kommissie nie gras onder hul voete laat groei nie. Reeds op 19 Februarie 1915 het hy die voorbereide dokumentasie ter inligting, afronding en ondertekening aan “oom Petrus” (Postma), as sameroeper, deurgegee en is die voorlegging in April aan die regering gedoen.⁷⁶

In ‘n konsepbrief aan minister FS Malan is “die essensiele punten, die in aanmerking komen bij ‘n eventuele subsidie van het genoemde Kollege-Departement”, uiteengesit. In die ander bylae “word meer breedvoerig gehandeld over de wijze, waarop wij **voorlopig** menen dat de zaken van het genoemde Kollege-Departement bestuurd kunnen worden in de toekomst”.⁷⁷

Postma het dit aan oom Petrus oorgelaat om te beslis of £2 500 of £3 000 as subsidie aangevra moes word: “De laatste som lijkt mij beter; die Regering kan dan maar minder maak, als hul dit nodig ag. Allebei sommetjies is maar gering vir ‘n Kollege.”

Hy gee ook toeligting oor die salarisse van leerkragte en is self maar baie beskeie in sy eie beramings: “Ons meen dat die Professore ‘n honorarium moet krij van £600 p.a. Als ons nie die som op £600 stel, sal dit ons nie geluk nie om in die toekoms behoorlik gegraduateerde persone aan die Kollege te krij. Een hoofd van ‘n gewoon lagere skool alhier krij van £500 tot £550. Die hoofd van die ‘Boys High School’ krij £800 ...” En vir ‘n lektor, meen Postma, is £300 die minste wat gevra behoort te word.

Baie interessant en insiggewend is die naamkwessie. Oral in die stukke is die naam van die inrigting weggelaat en word oom Petrus gevra om dit, na oorweging, in te vul. Postma verduidelik: “Twee gedachte bestaan hier oer die naam. **Los, De Klerk, Duvenage en Ik** verkies om die Kollege te noem **‘RIEBEEK KOLLEGE’**. Ons het ook gedag om die inrigting te noem ‘Wilhelmina Kollege’ of ‘Kalvyn Kollege’ maar ik vrees dat die laatste name miskien in die weg van samewerking met andere genootskappe kan staan. ‘Riebeek Kollege’ kan geen aanstoot gee en typeer eenigsins die skool, als ons in gedagte hou wat ou vader Cachet geskryf het aan die begin van z’n ‘Gesch. v/d Geref. Kerk’. [In sy reeds genoemde Gedenkboek ... (1909) het Cachet die Gereformeerde Kerk bestempel as die voortsetting van die kerk van 1652].

Ferdinand skryf verder dat hy eers die naam “Potchefstroom Universiteits-Kollege” voorgestel het, maar dit is vir hom “te kaal en te niksseggend en is bowendien ‘n te algemene benaming geworde in ons land (Pretoria Univ. Koll., Joh. Un. K. ens.)”. Ironies genoeg: “Juist om hierdie rede verkies **Du Toit en Kamp (hi dus non sunt separandi – “hierdie twee is onafskeibaar”)** die naam.”



1.6.12

**Johannes Calvin,
Koningin Wilhelmina
en Jan van Riebeeck
... almal vernoemings -
kandidate vir die te stig
universiteitskollege.**



“Potchefstroom Kollege” alleen sal verwarring skep daar dit die omgangsbenaming van Boys’ High School is. Hulle laat dit maar nou aan hom as die oudste kurator oor om tussen “Riebeeck Kollege” en “Potchefstroom Universiteits-Kollege” te besluit, skryf Ferdinand verder, maar oefen dan vir oulaas ‘n bietjie subtiële druk uit: “Ik wil net sê dat die eerste R.K. korter en gemakliker is dan P.U.K.; bowendien lijk dan op die oog onse pretensies nie so hoog nie. Ik dink u moes maar die eerste naam (R.K.) neem.” En dan volg Postma se diplomatieuse slotwoord: “U blyf vrij in uw keuse; ons sal tevrede wees soos U die kindjie wil noem.”⁷⁸

Raadpleging van die argief van die Departement van Onderwys het geen inligting opgelewer wat aandui hoe ds Postma (“oom Petrus”) oor die saak gevoel het nie of hoe die kwessie op regeringsvlak gehanteer is.

Dat die naam “Riebeeck Kollege” wel plaaslik aanklank gevind het, blyk uit die feit dat die kuratore in November 1915 aan ‘n kommissie opdrag gegee het “om ‘t schema van de Riebeeck Kollege op te stellen”.⁷⁹ Dit was ook die kommissie se taak om uit notules van vorige jare ‘n verslag op te stel vir die eerskomende sinode.

Maar die hoop en verwagtinge, dat van regeringsweë aan die ontwikkelende Literariese Departement, die voorgestelde “Riebeeck Kollege” erkenning en subsidie en daarmee ‘n eie plekkie in die opkomende son van die Suid-Afrikaanse universiteitswese verleen sou word, is teleurgestel en gesant Ferdinand Postma het van “een kale reis” teruggekeer. ‘*Het Kerkblad*’ het sy lesers oor die verwikkelinge ingelig: “Er werd druk gekorrespondeerd en gekonfereerd. De jongste

Universiteits-kommissie rapporteerde in gunstige sin, en van ministeriele kant ontbrak de aanmoediging niet. Gevolg was, dat onzerzijds met zorg en moeite een koncept werd opgetrokken, waarin ... voorgesteld werd om de literariese afdeling op breder nationale grondslag neer te zetten. Zamenwerking van meerdere groepen bleek dan ook geen onmogelijkheid te zijn. Doch zie, toen het koncept aan de betrokken minister werd voorgelegd, ontving men een weigerend antwoord. Dr. Postma, die daarvoor naar Kaapstad trok, kwam van een kale reis terug. Het argument van de minister was, dat aan ons geen steun kan worden verleend als wij een speciale volksgroep wensen te verteenwoordigen. Dan, een regerings-kollege kunnen wij ook niet worden, omdat het Pretoria-kollege te nabij en zelf ook nog te klein is.”⁸⁰

Vir die kuratore was dit nou ‘n geval van terug na die tekenbord, om weer te besin en te beplan.

Onder meer oor die minister se siening dat geen steun verleen kon word indien net een spesiale volksgroep (bedoelende waarskynlik ‘n bepaalde kerkgenootskap se ondersteuners) gedien wil word nie.

1.6.7 Hollandse rolmodelle: Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper

By geleentheid, in 1913, het prof Jan Kamp die staatkundige geskiedenis van Nederland as voorbeeld voorgehou vir die stelling dat die Calvinistiese lewensgedagte op alle terreine ‘n plek in die praktyk van die volkslewe het. Hy het Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper as belangrikste vertolkers van hierdie beskouing uitgesonder. Die kerklike sowel as die politiek-staatkundige denkpatriene van die leermeesters verbonde aan die Teologiese Skool/Literariese Departement is tot ‘n baie groot mate geskoei op die lees van hierdie twee groot geeste in die geskiedenis van Nederland.

Groen van Prinsterer (1801-1876) het reeds in sy jong jare in verset gekom teen die rasionalisme en liberalisme van die tyd en in 1847 sy lewensbeginsels as anti-revolusionêr en Christelik-histories vasgelê. Ongeloof, en die mens wat nie voor die gesag van God wil buig nie maar homself as norm en wet stel, was vir hom die oorsaak van revolusie – en die enigste alternatief daartoe was die Christelik-historiese denke, met Christelikheid die norm waaraan historiese gebeure deurlopend getoets moet word. By Groen, soos daar kortweg na hom in die Nederlandse literatuur verwys word, was daar toenemend ‘n afkeur aan absolutistiese staatsalmag, waarteenoor hy die selfstandigheid van onderskeie lewenskringe gestel het. Vir al hierdie lewenskringe, en dus ook vir die staat, is Gods Woord egter die norm en rigsgaander en is dit dus



1.6.13

Groen van Prinsterer

sowel staat as kerk se taak om die mens te lei tot diens aan en verheerliking van God.

Hy staan ook “politieke gelijkheid voor alle godsdienstige overtuigingen zonder ondersheid” voor en bepleit ‘n “buiten den invloed der Kerk gehouden Christelijke staat”. Hieruit het die behoefte aan ontwikkeling van ‘n christelike politieke beweging ontstaan, waaraan Groen daadwerklik meegewerk het.

Groen se opvattinge oor die plek en taak van die staat ten opsigte van die onderwys het hom deel laat word van die opspraakwekkende onderwysstryd in Nederland in die 19de eeu, waarna selfs verwys is as “een tachtigjarige oorlog om het kind”. Vanaf 1806 was openbare onderwys aangebied en beheer deur die staat die reël, terwyl besondere oftewel partikuliere onderwys (privaatskole dus) slegs met staatstoestemming aangebied kon word. In 1857 het ‘n nuwe onderwyswet ‘n einde gemaak aan staatsubsidie vir privaat skole terwyl openbare onderwys die aankweek van Christelike en maatskaplike deugde ten taak sou hê – en waar met “Christelikheid” bedoel is ‘n Christendom sonder geloofsverdeeldheid. Hiermee kon Groen hom nie vereenselwig nie en hy het uit protes sy setel in die parlement ontruim: “Een christelijke staat behoort christelijk onderwijs te bieden, en een

Christendom boven geloofsverdeeldheid, voorbijgaand aan confessionele verskillen, oordeelde Groen een onbestaanbaarheid, religieus vlees noch vis.” Voortaan sou hy al sy kragte wy aan die daarstelling van vrye Christelike skole, maar deur die staat gesubsidieer.

Groen is ook die vader van die leuse, “In het isolement ligt onze kracht”, wat standpuntinnames oor beginselsake motiveer.⁸¹

Abraham Kuyper (1837-1920) het in die sestigerjare, as predikant te Utrecht, onder die indruk gekom van die noodsaak van hervorming. *Het Kerkblad* stel dit só: “Utrecht met sy professore en Universiteit het tog ‘n leegheid vertoon wat vir Dr. Kuyper pynlik was ... ook heel die maatskaplike en staatkundige lewe moes die stempel van Kristus-belydenis dra ... Die Calvinistiese lewens- en wereldbeskouing moes weer by die volk ingedra word.” Soos Groen van Prinsterer, het hy geglo dat die kerk die lig van Gods Woord op alle vraagstukke van die politieke en sosiale lewe moet laat skyn.

As volgeling van Groen het Kuyper hom in die sewentigerjare tot die politiek begeef, ten einde sy ideale te verwesenlik. As redakteur van *De Standaard*, as parlamentslid vanaf 1874, as stigter en



1.6.14

AH Kuyper. Hy het dit, volgens Totius, in 1875 ernstig oorweeg om in Suid-Afrika te vestig.



leier van die Anti-Revolutionêre Party vanaf 1879 en as eerste minister van Nederland (1901-1905) was Kuyper ‘n man van groot invloed in die Nederlandse volkshuishouding.⁸²

Volgens GJ Schutte het Kuyper, wat veel nader aan die gewone man gestaan het as die “aristochratische intellektueel” Groen van Prinsterer, aan die beginsel van soewereiniteit in eie kring, soos deur Groen bekend gestel, “volle skerpte en kosmologiese betekenis” gegee: God het die kosmos geskape as veelheid van lewenskringe en aan elke kring ‘n eie aard en lewenswet gegee, in ooreenstemming met die aard en roeping daarvan – en hiermee “zette Kuyper elke vorm van staatsalmacht schaakmat”.

Schutte toon verder aan dat Kuyper, in sy strewe om die geldigheid van die Calvinisme vir alle lewensterreine aan te toon, uiteraard nie die wetenskap kon verbygaan nie. Meer nog: die gereformeerde gemeenskap wat hy gedien het, en wat in ‘n agterstandsposisie verkeer het, het ‘n groot behoefte gehad aan akademies geskooldes op teologiese maar ook ander terreine. En só, as uitvloeisel van die soewereiniteit-in-eie-kring beginsel, het die Vrije Universiteit van Amsterdam in 1880 sy beslag gekry, met Abraham Kuyper as eerste rektor.

Naas die beginsel van soewereiniteit in eie kring, word die politiek-staatskundige betekenis van die Calvinisme, volgens Kuyper, ook verwoord in die term “antitese”. Die antitese tussen Christendom en Humanisme, tussen geloof en ongeloof verdeel die mensdom in twee kampe, en skep ‘n teenstelling tussen diegene wat God se soewereiniteit oor die staatskundige lewe erken en diegene wat dit nie erken nie. Dáárom is Christelike partyvorming nodig, en op grond van breë gemeenskaplike aanvaardings of “hogere eenheid” is samewerking tussen Calviniste en Rooms-Katolieke ter bestryding van die liberalisme moontlik.

Uiteindelik het Kuyper ook plek gelaat vir nie-Christene in die staatshuishouding, en wel deur die leerstelling van “gemene gratie” (gemeenskaplike genade), waarvolgens nie-gelowiges ook regsgevoel, maatskaplike vermoëns ensovoorts besit en daar dus gemeenskaplike optrede van Christene en nie-Christene kan wees. Sy Anti-Revolutionêre rigting het die realiteit van die geestelike verskeidenheid in die Nederlandse samelewing erken en nie gepoog om dié grondtoon van die Nederlandse volkskarakter te vertoon nie, maar wel ‘n grondtoon. Deur die aanvaarding in plaas van afwysing van die moderne maatskappy het Kuyper se Anti-Revolutionêre beweging “van een gediscrimineerde, ontrechte groepering geëmancipeerd tot een gelijkwaardige deelgenoot”.⁸³

In sy stryd teen die ontkerstening van die wetenskap, het Kuyper as beginsel gestel dat sowel die regter as die geneesheer, die staatsman, die letterkundige en die wysgeer die inhoud van hul wetenskap “door het licht van den Christus (moeten) laten beschijnen”.⁸⁴

Kuyper se leerstelling en denke het sterk aanklank en navolging gevind by die Gereformeerde akademici in Suid-Afrika en was presies in lyn met die ideale wat die Gereformeerde kerkvaders in 1869 by die stigting van hul opleidingskool vir predikante beoog het en wat sedertdien deur dié skool in die akademiese gemeenskap in Suid-Afrika ingedra sou word. Prof JD du Toit (Totius) erken dat sy besluit om sy studies gedurende die oorlogsjare aan die VU te gaan voortsit, grootliks deur Kuyper se aanwesigheid dáár geïnspireer was, en dat Kuyper, naas sy pa en prof Jan Lion Cachet, hom help vorm het. By Kuyper se afsterwe het Du Toit onthul dat Kuyper dit in 1875 sterk oorweeg het om na Suid-Afrika te emigreer, omdat hy op daardie tydstip ‘n groter toekoms vir die Calvinisme in Suid-Afrika gesien het as in Nederland. Kort voor sy afsterwe (in 1920) het Kuyper ook sy ingenomenheid oor die vordering wat die Calvinisme in Suid-Afrika gemaak het, teenoor Totius laat blyk.⁸⁵

1.6.8 Christelike karakter, kerklike grondslag

Terwyl ander rolspelers in die ontvouende drama rondom die vestiging van ‘n volwaardige universiteitswese in Suid-Afrika besig was om hulle kleims af te steek en hulle ten opsigte van ‘n onvermydelike nuwe bedeling te posisioneer, het die Potchefstroomers hulle eie stryd gestry vir die behoud en die bevordering van basiese beginsels waarop hulle inrigting gevestig was.

Dit was asof daar op hierdie stadium ‘n herlewing was ten opsigte van die strewe na Christelik-nasionale onderwys (CNO) en professore en dosente aan die Teologiese Skool het belangrike insette gelewer om hierdie tendense op te skerp en te bevorder. Per slot van sake het dit direk verband gehou met die doelstellings en strewe van hulle inrigting.

So word daar in Julie 1911 te Steynsburg ‘n konferensie gehou met die doel “weder enig leven te brengen onder de voorstanders van Vrij Christelik Onderwijs”, met eertydse literariese professor, ds Ph C Snijman, in die voorsitterstoel. Die saak van staatsubsidie is ter sprake, en daarmee saam die plek en rol van die ouer, die kerk en die staat ten opsigte van die onderwys.

Professore Cachet en JD du Toit, sy pas benoemde opvolger, lewer belangrike insette. Cachet veral is uitgesproke, en praat “met vreeze en bewing” van



staatssubsidie “daar hij het eigenlijk noodzakelijk kwaad noemt”. En hy is baie beslis: die kind behoort aan die ouer en dis die ouer en nie die regering nie se taak en plig om vir die onderwys en opvoeding te sorg. Die staat is in hierdie saak hoogstens ‘n helper, moet toesien dat dit geskied en help waar dit nodig is. Daar moet totale vryheid wees wat betref die geestelike opvoeding van die kind. Die groot gevaar lê daarin dat die staat, wat gelyke regte aan verskillende godsdienstige groepe moet handhaaf, die totale onderwys beheer: “De staat moet dus in de school de godsdienst op zij zetten hierin ligt een groot gevaar, omdat de staat de gehele zaak van onderwijs regelt. Het begint met de Universiteit en loopt door tot onze lagere scholen. De staat schrijft voor wat en hoe de kinderen leren moeten.”

Met dank vir dit wat deur verskillende parlamentslede reeds gedoen is, is Cachet se raad dat, desnoods deur middel van die stembus, aangedring moet word op erkenning van hulle beginsel.⁸⁶

Hy het die oprigting van ‘n sterk, oorkoepelende vereniging vir die behartiging van vrye Christelike Skole bepleit en gewys hoedat, op enkele uitsonderings soos onder meer te Potchefstroom, vroeëre verenigings die wapen neergelê het. Aan die einde van die konferensie is dan ook so ‘n “Vereniging voor Christelik Nationaal Onderwijs” gestig, met 6 stigterslede en proff Du Toit en Cachet as lede van die hoofbestuur.

Ds WJ de Klerk, toe nog predikant van Aliwal-Noord, het gevoel dat uit die foute van die verlede geleer moes word. Daar is destyds te veel skooltjies opgerig, wat die kragte onnodig verdeel en te veel geld geveer het; die behoefte het uit die volk gekom terwyl die leiding in die hande van politici was “en toen die aan het roer kwamen, werd de vlag van C.N.O. toegerold”. By verskillende sprekers, waaronder prof JD du Toit, was dit ietwat van ‘n probleem om die belange van die staat heeltemal uit te sluit, maar hy het sterk gestaan op die voogdskap van die kerk in die onderwys. Hy het ook verwys na pleidooie vir ‘n toekomstige universiteit en gevoel dat die opvoedingsstelsel van bo na onder gevoer moes word. Ter toeligting het hy die beeld van VU-professor Jan Woltjer gebruik, van sneeu wat vanaf die hoë bergtoppe die laer dale benat: “Wat moet komen is wat Prof. Cachet in zijn afscheidsrede te Potchefstroom in zijn verbeelding zag, n.l. een vrije universiteit, verschillende gymnasia in de drie provincies en van daar mannen uitgaande om te zorgen voor talloze vrije lagere scholen ...” Al is hulle klein en swak, sê Du Toit, kan inspirasie geput word uit die geskiedenis van die Vrije Universiteit in Amsterdam.⁸⁷

In Junie 1912 word ‘n goed bygewoonde CNO-konferensie te Potchefstroom gehou. In die studentebled *Fac et Spera* nooi “Amicus” oudstudente

uit om dit by te woon en weer ‘n slag ‘n draai by hul ou Alma Mater te maak: “Jij sal welkom wees. Ons moet nou skou’er aan skou’er staan in die strijd vir Vrij Christelik Onderwijs, al sien onse nakomelinge eers die vrugte daarvan.”⁸⁸

Ook die professore van die Teologiese Skool en talle studente is aanwesig en het die gevoel posgevat dat die beweging nie net ‘n landsaak nie, maar ook ‘n volksaak geword het, met verteenwoordiging van al die Hollandse kerke: “Wij willen geen kerk scholen, maar vrije scholen, die Christelik en Nationaal zijn”, lui die kort verslaggie in *Het Kerkblad*. Ook word gemeld dat daar reeds 20 takke gestig is, en dat die ledetal 450 beloop. Insiggewend is die aanwesigheid van onder meer ds Jac van Belkum, van die Hervormde Kerk (Heidelberg Transvaal), en ds SW van Niekerk, van die NG Kerk (Johannesburg). Beide is aan die einde van die konferensie tot lede van die hoofbestuur van die vereniging gekies.

Die vurige ds Willem de Klerk was weer sterk ingestel op aksie: “We moeten toespraken houden, maar dan blijft de zaak nog onbekend onder velen van ons volk. Daarom moeten die bereikt worden door de pers. Ook naar de Regering moeten we gaan om haar te overtuigen. De bul moet bij de horens gepakt worden. We moeten binnen de Raadzalen gaan, door middel van vertegenwoordigers ... Ook in de Provinciale Raden moeten wij met onze eisen verschijnen, en krijgen we geen gehoor, dan gaan we die mannen door anderen vervangen.”

Prof Cachet het skerp kritiek teen die regering uitgespreek, wat deur die onderwys- en verdedigingswette die grense tussen Afrikaans- en Engelssprekendes wil uitwis. Hy wil nie “rassehaat” verkondig nie, maar stel die ideaal in ‘n neutedop: “We moeten Hollandse scholen krijgen, maar ook goed Engels en Engelse scholen, waar ook goed Hollands geleerd wordt.” Die bejaarde grysaard, wat drie maande later oorlede is, moes op ‘n stadium effens breek trap: die konferensie gaan eintlik oor Christelike onderwys en nie oor ‘n Christelike party nie: dié sal wel mettertyd kom. Hierop het kollega Ferdinand Postma reageer: “Een Christelijke Partij moet komen, maar die partij moet komen door ‘t Christelik onderwijs. Dit is **de** faktor om er toe te geraken.”

Die kerklike faktor het na vore getree toe daar onder meer gepleit is vir ‘n kerklike opleidingsentrum vir onderwysers. “Ds Van Belkum”, só lui die verslag, “is verskrikkelik bang voor de benaming **kerklike** normaalscholen”. Maar ds Willem de Klerk het gerus gestel en onder meer aangetoon dat die Steynsburgse gimnasium geen kerklike inrigting is nie. Die konferensie het toe ‘n voorstel aanvaar waarvolgens die drie Hollandse kerke versoek sou word om saam te werk



vir die oprigting van “een Normalschool ter opleiding van Christelik Nasionale onderwysers(essen)”.

In ‘n ander aanvaarde voorstel is dit aan prof Jan Kamp opgedra om, vir propagandadoeleindes, die beginsels, aksie en leerplan van CNO saam te vat.⁸⁹ So kry die brosjure *De School hoort aan de Ouders* sy beslag, met kernpunte dat staatskole, “die alle naar een model geknipt zijn”, nie aan die eise van ‘n veelvormige volkslewe kan beantwoord nie, dat onderwysers nie deur die staat opgelei behoort te word nie en dat die staat sowel as die kerk steeds vennote in die bedryf van “ouerskole” behoort te wees. As model word Holland voorgedra, waar skole nou, na ‘n dertigjarige bitter stryd, weer in die hande van die ouers is.

Hy gee ook ‘n visie van hoe die skool van ouers van Christelike belydenis daar behoort uit te sien. Dit moes Christelik nasionaal wees, oftewel “nasionaal ... in Christelike zin”. Die twee begrippe het onlosmaaklik aan mekaar vasgegroeï. Kamp bepleit dat die Christelike opvoeding van die huis op skool voortgesit moet word. Daarom moet die ouers beheer hê oor die onderwysers en toesien dat onderwysers nie net in Bybelse onderrig nie, maar ook in die totale onderrig hulle hou aan die Christelike waarheid dat alle dinge van God kom. Wat die nasionale aspek betref, meen Kamp dat die “dwaze idee ... van één natie te maken” laar vaar en as vaste gegewe aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse bevolking uit twee nasionaliteite bestaan, naamlik Afrikaans- en Engelssprekendes. “Laat ons Goevernement erkennen, de verscheidenheid van ras en richting, die er bestaat onder zijn burgers, en laat het de moed hebben de praktijk van zijn schoolwezen daarmee in overeenstemming te brengen ...” Daar kan dus Christelike Afrikaanse sowel as Christelike Engelse skole wees, afgesien van neutrale skole, asook selfs Rooms-Katolieke skole.

As nasieners van die brosjure, vóór publikasie, het opgetree die twee goedgesinde predikante van die Hervormde en NG Kerke, naamlik ds Van Belkum en ds Van Niekerk.⁹⁰

Afgesien van die feit dat personeel van die Teologiese Skool so ‘n prominente rol in die CNO-konferensies van 1911 en 1912 gespeel het, is kennisname van hul standpunte en beskouinge tydens hierdie verrigtinge nodig vir goeie begrip van die latente stryd wat op hande was, wat betref die handhawing van die aard en karakter van die Teologiese Skool/Literariese Departement.

Ten spyte van die optimisme en niteenstaande die insette van die professore, het die CNO-beweging, wat volgens ‘n pessimistiese “Joon” (waarskynlik Joon van Rooy) in die studentekoerant, “so sukkel om ‘n ontydige dood te sterf”,⁹¹ nie juis weer van

die grond gekom nie. Die Voorbereidende Skool te Potchefstroom, wat as totaal vrye skool ‘n skepping van die kerk en die professore van die Teologiese Skool was, was teen 1915 verplig om staatsubsidie te aanvaar en het so in die hande van die staat oorgegaan. Enkele jare later sou die eweknieskepping te Steynsburg ook kapituleer.⁹² Die ideaal van vrye Christelike skole, wat as voedingsbron vir die Teologiese Skool met sy Literariese Departement moes dien, het finaal in die sand geloop.

Nie dat die “verlies” van die Potchefstroomse skool juis sterk aangevoel is nie. Die geboue van die skool het steeds aan die kuratore van die Teologiese Skool behoort, terwyl die bestuursliggaam grootliks uit personeellede van die moederinrigting bestaan het. As spesiale reëling het professore van die Teologiese Skool en by name Ferdinand Postma, Jan Kamp, SO Los, SPE Boshoff en JD du Toit, klasse vir die matrieks aangebied. Die Potchefstroom Gimnasium, soos die skool sedert November 1914 bekend gestaan het, het steeds as voorbereidende skool en vernaamste voedingsbron vir die universiteit-in-ontwikkeling vlakby gedien.⁹³

Die handhawing van die Christelike karakter van die inrigting was een van die aangeleenthede wat teen die einde van 1912 in die heel eerste verslag van die Senaat aan die kuratore gefigureer het. Die betrokke verslag het skynbaar nie behoue gebly nie en die presiese oorsaak vir die kommer en vir die kragdadige besluit kan dus nie vasgestel word nie. Die kuratore het egter die saak in ‘n ernstige lig beskou: “Er wordt ernstiglik by de Senaat op aangedrongen om zodanigen regelingen te treffen dat ‘t Christelik karakter van de School beter tot zijn recht komen.”⁹⁴

In lyn met die Senaat en kuratore se kommer oor die karakter van die inrigting, het daar pas tevore in die vergadering van die kuratore ‘n skerp protes van kurator dr SO Los, predikant van Pretoria, gedien en wel oor ‘n opvoering deur studente tydens ‘n onlangse feesgeleentheid. Dis dalk heel toevallig, maar pas tevore, in die Oktober-uitgawe van “Fac et Spera”, het daar ‘n artikel verskyn onder die opskrif “Het hedendaags toneel”, geskryf deur JH Boneschans. “De vraag die hoofd en hart van menig een bezig houdt, is dan ook niet, of ‘n christen deelnemen mag aan toneel, maar of hij met **het hedendaags toneel** mag meegaan.” Heftige kritiek word vervolgens op die hedendaagse toneelkuns uitgespreek wat, volgens Bavinck, “tot een dienstmaagd der ongerechtigheid wordt verlaagd”. Dit gaan alles net om vermaaklikheid en nie tot stigting nie, nie tot “het bevorderen van het rein-schone of het verheffen van het religieus-zedelik leven” nie, maar oor “puur zinlik genot”.⁹⁵ Omdat die saak wel tydens die komende sinode ter tafel sou wees, het die kuratore nie verder op Los se beswaar ingegaan nie maar dit aan die Senaat opgedra “om toe te zien



1.6.15

Die Voorbereidende Skoolgebou, in 1910 gebou. Dit is aanvanklik die “Rooi Waenhuis” genoem. Die twee gewels weerskante is in 1914 aangebou, toe die leerlingtal tot meer as 200 aangegroei het.

dat in deze saak niet tegen ‘t Christelik beginsel sal gehandeld woden.”⁹⁶

Los het egter so sterk hieroor gevoel dat hy ‘n teen-en protesstem uitgebring het. In die opvoering van komedie- en kamerstukke deur openbare hoërskole sien hy gelykvormigheid aan wêreldse beginsels, sê hy, “van welken sommige stryden niet alleen tegen alle godsdienst, maar zelfs tegen de zeden”. Die kuratore en die Senaat dra, namens die Teologiese Skool, die verantwoordelikheid vir wat die studente tydens hul studie doen en hy beskou dit gevolglik as ‘n gewetensaak om van sy kuratorskap onthef te word. “In de groten steden”, motiveer Los, “verslinden de theater alle stoffelike en geestelike kracht van ons volk. Dit moet voor de Christen een reden zijn, om zich van dit terrein te onthouden, hoezeer het ons ook smart, dat de goddelike gaven der kunst tot zulke lage doeleinden gebruikt worden. Immers door ons optreden op dit terrein ergeren wij degenen die zwak staan en zijn oorzaak van hun val.”

Later in die vergadering, nadat die saak in die verslag van die Senaat ter sprake was en die Senaat opdrag gekry het om toe te sien dat die Christelike karakter van die Teologiese Skool tot sy reg kom, het Los sy dreigement om te bedank, teruggetrek.⁹⁷ Die kwessie

van toneelspel het kort hierna toe wel saam met ‘n hele boel ander verskynsels soos kaartspel, dans, bioskoopvertonings, sport en motorresies op die tafel van die 1913-sinode beland en wel in ‘n beskrywingspunt oor “de toenemende wereldgezindheid”. Met erkenning dat die kuns ‘n gawe van God is, dog terselfdertyd “bemerken de kennelike ontaarding van onze hedendaagse kunst en de merkbare afval onder velen van ons volk door deelneming aan zondig vermaak”, is ‘n ernstige waarskuwing aan gemeentelêde gerig teen “het **zondig** toneelspel en alle **onzedelike** en **ongoddelike** bioskoopvertoningen en de **verderfelike** sportsgeest van onzen tijd”.⁹⁸

Los moes in sy skik gewees het met hierdie besluit. Drie jaar later, nou as professor aan die Teologiese Skool, was hy egter weer diep beswaard oor toneelopvoerings - maar hierdie keer het sy beswaardheid politieke ondertone gehad.

Die Gereformeerde karakter van die Teologiese Skool/Literariese Departement het toenemend in die kollig geval. Dit is byvoorbeeld opmerklik dat die praetor van die studente, HC van Rooy, in sy verwelkoming aan die begin van 1912 ‘n spesiale woord gerig het aan die adres van “die gene, wie van ander kerkgenootskappe is”.⁹⁹ Op ‘n kuratorevergadering op 10 Maart 1913 het




teologiese professor JD du Toit ‘n saak te berde gebring wat al etlike kere tevore ter sprake was, naamlik hoe om te handel met studente van ander kerke, wat vir teologie wil inskryf en in die proses die literariese eksamen wens af te lê.¹⁰⁰ Die vraag oor toelating tot teologiese studie is tot die Desember-vergadering uitgestel, terwyl die betrokke twee persone toegelaat sou word om in Desember hul eerstejaarliterariese eksamens af te lê.¹⁰¹

Wie hierdie twee studente was, word nie gesê nie, maar die moontlikheid is groot dat een van hulle SP Engelbrecht – ‘n lid van die Hervormde Kerk – was, wat aan die begin van die jaar by die Teologiese Skool ingeskryf het. Op 8 Februarie 1913 is hy as lid van Korps Veritas Vincet verwelkom maar vier maande later, op 2 Junie, word daar weer van hom afskeid geneem (hy sou sy studies aan die Rijksuniversiteit van Utrecht, in Nederland, gaan voortsit). Ten aanvang is hy versoek om die byeenkoms met skriflesing en gebed te open, daarna lewer hy ‘n voordrag oor “De Voortrekkers”. Die notule lui voorts sô: “Na onderlinge besprekin [sic], neemt de voorz. het woord en spreekt zyn leedwezen uit dat br. Engelbrecht die die avond zulk ekselent werk geleverd had ons gaat verlaten. Hy hoopt dat hy zal strijden voor ‘t Calvinisme en zich in de verre zal bekwaamen om de strijd voort te zetten. Onze bede en beste wensen vergezellen hem. Hierop bedankt br. Engelbrecht de vrs. voor de hartelike belangstelling. Zijn tijd hier was de genoeglikste van zijn schooljaren, hy is dankbaar voor de goede Christ. richting die hy hier gekregen heeft.”¹⁰²

‘n Dekade of wat later sou die paaie van Engelbrecht en die Potchefstroomse Universiteit, wat intussen formeel sy beslag gekry het, weer kruis. Van die toegeneëtheid wat uit hierdie Korps byeenkoms in Junie 1913 gespreek het, sou daar egter geen sprake meer wees nie.

Die saak is toe wel tydens die kuratorevergadering einde November 1913 ter tafel geneem, by wyse van ‘n vraag van student CW du Toit, lid van die Gereformeerde Kerk onder die Kruis, om as student in teologie te studeer. Van die kuratore het gemeen dat hulle nie oor die bevoegdheid beskik om die saak te hanteer nie, maar andere het anders geoordeel. Du Toit is geleentheid gebied om in persoon voor die kuratore te verskyn en het, in antwoord op ‘n vraag van die voorsitter, verklaar “dat het zijn bedoeling is en blijft om voor de bediening in de kruisgemeente te worden opgeleid”. Indien egter later besluit word om met die Gereformeerde Kerk te verenig, sal hy dié dien.¹⁰³

As agtergrond vir hierdie episode dien die feit dat die Gereformeerde Kerk onder die Kruis, wat in 1897 deur Totius se pa, ds SJ du Toit, uit protes teen bepaalde tendense in die NG Kerk gestig is, in hierdie



1.6.16

Charl Wynand Markelbach du Toit, jonger broer van prof JD du Toit, wie se aansoek om toelating vanuit die Kruiskerk hiernaas bespreek word. Hy het toe wel predikant in die Gereformeerde Kerk geword en vanaf 1917 tot 1929 in verskeie Vrystaatse gemeentes gedien, waarna hy vanaf 1929 tot 1943 die Nasionale Party in die Volksraad verteenwoordig het.

tyd ‘n sukkelbestaan gevoer en onder meer nie juis meer oor eie predikante beskik het nie. Daar is van meet af in hierdie kerk se bestaan sterk aanklank by die Gereformeerde Kerk gevind en in hulle herderloosheid, ná die dood van ds SJ du Toit in 1911, was hulle totaal op besoekende Gereformeerde predikante aangewys. Tydens die sinode van die Gereformeerde Kerk te Steynsburg in 1913 het ‘n poging tot formele inskakeling by dié kerk misluk, maar onderhandelinge dienaangaande sou in ‘n goeie gees voortgesit word.¹⁰⁴

Dit was die situasie toe die 23-jarige Du Toit sy saak aan die kuratore gestel het. Nadat hulle aan hom enige wenke gegee het, is ‘n meerderheidsbesluit soos volg geformuleer: “De kuratoren blijven er bij dat personen van andere kerken aan onse school in de Theologie kunnen studeren en kandidaatseksamen kunnen doen; dat dus ook aan br. Du Toit verder de gelegenheid daartoe gegeven zal worden.”¹⁰⁵ Kort hierna en in die loop van 1914 het die Kruiskerke ontbind en in die Gereformeerde kerkverband opgegaan – en Charl Wynand Markelbach Malan daarmee saam.

Met die besluit ten opsigte van Kruiskerkstudent Du Toit het die kuratore ‘n onverwagse openheid openbaar vir die groeiende gedagte om aan die Teologiese Skool ‘n breër basis te verleen. In die tydsgewrig maar ook in die op-hande-synde verwickelinge rondom die toekoms van die inrigting sou hierdie kwessie toenemend in die kollig kom. En tog tree die eng kerklik bepaalde basis van die Teologiese Skool/Literariese Departement kort hierna weer sterk na vore toe professore aan die einde van 1914 getaak word om gemeentes te besoek met die oog op studentewerwing. Die professore was almal Doppers, en met “gemeentes” is eintlik maar net bedoel “Gereformeerde gemeentes”.


1.6.9 Afrikanerkarakter: “De grote nationale beweging”

Verwikkelinge op politiek-staatskundige gebied sedert 1910 het sy stempel ook op die Teologiese Skool en sy gemeenskap afgedruk. Die eenheid soos geïllustreer by uniewording het spoedig ‘n skyneenheid geblyk te wees en die stryd wat ‘n dekade of wat tevore tussen Afrikanernasionalisme en Britse imperialisme op die slagvelde uitbaklei is, sou nou in ietwat verbloemde vorm op die politieke speelvelde voortgesit word. In die proses het vroeëre bondgenote aan Boerekant nou lynreg teenoor mekaar stelling ingeneem, en was dit Afrikaner teen Afrikaner, broer teen broer. Totius en sy geesgenote aan die Teologiese Skool se reeds genoemde aanvoeling en bedenkinge oor uniewording was tot ‘n mate tog geregtig.

Dosente en studente van die Teologiese Skool het hulle nie onbetuig gelaat in hierdie maalkolk waarin die twee blanke taalgroepe hulle pas na uniewording sou bevind nie. Só byvoorbeeld het die jeugdige en dinamiese prof APC Duvenage tydens die munisipale verkiesings in Potchefstroom in 1910 as uitgesproke verteenwoordiger van die Afrikanergemeenskap teen die dominerende Engelse sakegemeenskap, vir homself en vir die Teologiese Skool die gramskap van opponente op die hals gehaal en simbool geword van bekrompenheid en “Hertzogisme”. Dit was die begin van ‘n veldtog om die Teologiese Skool as broeiplek van “Hertzogisme” te diskrediteer, terwyl studente aangeraai is om die politiek uit te los en eerder op hul studies te konsentreer.¹⁰⁶

In sy stryd om gelyke beregtiging van die Afrikaner in die na-oorlogse verengelsingsmilieu het genl JBM Hertzog nie om dieselfde vuur gesit met premier Louis Botha en sy adjudant JC Smuts met hul beleid van konsiliasie, van vergewe en vergeet nie. Hertzog het hulle verkwalik dat hulle te veel oorhel na die kant van die imperialiste; sy klinies-korrekte patriotistiese kreet van “Suid-Afrika Eerste”, by De Wildt in Desember 1912, het hom in die politieke wildernis laat beland. Die twis en verdeeldheid het in 1913 vererger. Alhoewel het ‘n groot komponent van die Afrikaners hulle vierkantig agter hom geskaar en het die Nasionale Party in 1914 sy verskyning aan die politieke firmament gemaak - van meet af aan ‘n magsfaktor in die Suid-Afrikaanse politieke arena.

Die universiteitsgemeenskap op “Die Bult” het geen twyfel gelaat oor waar hulle simpatie in die politieke stryd gelê het nie. In November 1911 het studente van die Teologiese Skool, “waar ons alle Afrikaners is”, deelgeneem aan ‘n fondsinsamelingsveldtog vir bestryding van die regskoste van genl Hertzog, wat eentalige Engelssprekende skoolinspekteurs in die Vrystaat ontslaan en toe die daaruitspruitende hofsak



1.6.17

“Who’s Boss of the show?” Die politieke skeuring tussen generaals Botha en Hertzog in 1912 het ‘n groot impak gehad op dosente en studente op die Bult.


verloor het. Vroeg in 1913 word berig dat studente druk besig is om in die noordelike wyk van die dorp kiesers te registreer en steun vir Hertzog op te wek. Tydens ‘n besoek van Hertzog enkele weke later deel professore Du Toit, Kamp en Duvenage asook ds WJ de Klerk ‘n verhoog met hom. In die dorp het gevoelens tussen Afrikaans- en Engelssprekendes hoog geloop en by tye in wanorde ontaard; politieke byeenkomste is ontwrig en gevegte het by die plaaslike bioskoop uitgebreek.¹⁰⁷

Reeds in Maart 1913 bepleit prof Jan Kamp in ‘n brief aan Hertzog die stigting van “een krachtig, sentraal, Hertzog-blad” as teenvoeter teen wat hy bestempel as die oormag van die “leugen-pers”; en hy bied sy en prof JD du Toit se medewerking aan, indien so ‘n blad wel die lig sou sien. Kamp was natuurlik ook, saam met prof Cachet, die dryfkrag agter die blad *Het Westen*, wat vanaf November 1904 as nuusblad in Potchefstroom verskyn het.¹⁰⁸

Steun aan Hertzog was nie blindelings en ongekwalifiseerd nie. Tydens ‘n Korps Veritas Vincet-aand in 1913 het prof Kamp, in ‘n toespraak getiteld “De ‘Doppers’ in de politiek” en met verwysing na Hertzog wat “apart ... helemal apart” gaan staan het, sodanige steun prinsipieel begrond: “... ons saamstaan met die man [Hertzog] is nog seer gereserveerd; met bedagsaamheid stappen wij voor het oogenblik saam,

Hierdie andersheid is nie bloot net koppigheid of “doppersheid” (in die betekenis van agterblyers of dwarsstrekters) nie. Nee, “krachtens onze herkomst van geslacht op geslacht, en krachtens onze opvoeding in de geest van die geslachten, leeft en werkt in ons een geheel eigene **levensgedachte**, voor het leven van huis en school en kerk en staat en maatschappij; een levensgedachte, die van geen transigeren, geen plooiën, geen meelopen, geen nadoen weet of weten

Dit was toe nie vir die Potchefstromers nodig om 'n ommekeer te maak op die politieke weg wat hulle ingeslaan het nie. Op die stigtingskongres van die



Stigtingskongres Nasionale Party 1914, bygewoon deur professore Kamp en Duvenage.



Nasionale Party te Bloemfontein in 1914 was twee van die drie Potchefstroomse afgevaardigdes professore, nl. Kamp en Duvenage. Kamp en twee Gereformeerde predikante, di W Postma en LP Vorster, was lede van die spesiale komitee wat die pas gestigte Nasionale Party se konstitusie moes verfyn en sou sorg dra dat tot ‘n mate aan die eise van die Calviniste voldoen word, “dat daarin heel wat prinsipieën belichaamd staan waarvoor wij al jaren lang gestreden hebben”.¹¹⁰

Inderdaad het Kamp en sy geesgenote daarin geslaag om ‘n sterk Calvinistiese kleur te gee aan die nuwe party se program van beginsels, wat deur Hexham beskryf word as ‘n “very theoretical programme which in true Kuyperian manner concentrated on principles rather than current issues”.¹¹¹

Die politieke stem van die Potchefstroomse akademici het wyd weerklink. Vanuit Londen het HA Fagan, wat later ‘n bekende in regsringe sou word en op dié stadium sekretaris van die Afrikaanse Vereniging in Londen was, vroeg in 1913 ‘n brief aan *De Jonge Calvinist* gerig om die lof en waardering van die Afrikaanse Vereniging in Londen oor te dra met die blad se “manmoedige houding ... teenoor volksbelange en die nasionale krisis wat ons nou deurgaen”. Hy gee die versekering “dat die Afrikaanse studente in Londen hart en siel met u meevoel”.¹¹²

Die blad *De Jonge Calvinist/Kalvinist* (die C/K alternatiewe skryfwyse is deur die blad self gebruik) is vanaf Desember 1909 deur Korps Veritas Vincet onder leiding van ds Willem Postma van Bloemfontein uitgegee en het as doelstelling gehad om die Calvinistiese of gereformeerde beginsels op die terrein van kerk, staat, maatskappy en huisgesin te bevorder. Postma het homself reeds gevestig as ‘n vurige vegter vir CNO en ‘n kultuurleier van formaat.¹¹³ Vanaf Februarie 1912 het JD du Toit en J Kamp saam met Postma as redaksiekommissie gedien.

Die gees en aard van hierdie blad blyk duidelik uit ‘n vlugtige snit van sy inhoudelike; dit handel oor die beplande universiteitswet, oor politieke groeperinge, oor “Hertzog-Steyn-De Wet”, en oor CNO-onderwys.¹¹⁴ In Julie 1913 word pleidooie gelewer vir Christelike Normaalskole¹¹⁵ en in Desember dieselfde jaar is dit “Christelik Nasionale Politiek”, ‘n vervolgreeks oor “De Christen en de Staat”, “Woorden van President Steyn” (wysrede kwytergemaak) en ‘n foto van die Eerste Afrikaanse Taalkongres in die Paarl, 1896.¹¹⁶ Daar is geen twyfel gelaat oor waar die simpatie en ondersteuning van *De Jonge Calvinist* gelê het in die politieke stryd wat op hierdie stadium tussen Afrikaner en Engelsman en tussen Afrikaners onderling gewoed het.

Eensaam en ver weg in Hilversum, Amsterdam, het Ferdinand Postma met heimwee verlang om deel te wees van en deel te hê aan die gebeure en verwickelinge tuis. In antwoord op geluk- en goeie wense met sy studies, skryf hy in April 1913 aan A Lugtenburg as sekretaris van die studentekorps: “Houdt voortdurend de spreuk voor oogen ‘ora et labora’ en meent niet dat men zonder het eerste het tweede wel kan. Vele dage verlang ik zeer naar den dagen in Potchefstroom, vooral nu er in Afrika een geweldige roering is ontstaan. Dat geeft hoop voor de toekomst.”¹¹⁷ Die ‘geweldige roering’ in Afrika waarna Postma hier verwys slaan waarskynlik op die politieke woelinge van destyds, wat bekend gestaan het as die “Botha-Hertzog krisis”.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die Suid-Afrikaanse regering se omstrede besluit, in Augustus 1914, om die Duits-beheerde Suiwes-Afrika op versoek van die Britse regering te beset, asook die daaruit voortspruitende Rebelle of “gewapende protes”, soos dit deur die deelnemers aan en simpatiseerders daarmee genoem is, het ook sy impak op die akademiese gemeenskap van Potchefstroom gehad.


Die tragiese dood van die Boerekrygsheld genl JH (Koos) de la Rey, deur ‘n opslagkoeël by ‘n padblokkade aan die Rand wat vir die berugte Forster-bende bedoel was, en op ‘n tydstip toe emosies as gevolg van die regering se besluit tot oorlogsdeelname tot breekpunt gespan was, was die lout wat die Rebelle van 1914 laat ontbrand het. Nou reeds ‘n gevierde Afrikaanse digter en ‘n vertroueling van die ontslapene, is prof JD du Toit gevra om ook tydens die groot en emosionele begrafnis van De la Rey op Sondag 20 September op te tree. Saam met hom het feitlik die hele studentekorps van die Teologiese Skool die laaste eer aan ook hulle held kom bewys. Totius weet wat in die siel van sy ontnugterde mede-Afrikaners wroeg. D’Assonville stel dit kort en bondig: “Totius se digtersiel treur. ‘Trekkerswee’, ‘n nuwe digbundel word gebore.” Dié bundel ontvang in 1915 die eerste Hertzogprys van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst.¹¹⁸

Maar ook die onnatuurlike dood van genl CF Beyers kort hierna in die Vaalrivier, toe hy as rebelleleier in ‘n hoek gedryf was, en die traumatiese teregstelling van Jopie Fourie, het weerklink gevind in die optredes van dosente en studente van Potchefstroom. In Augustus 1915 het JA (Koot) Pretorius voor die vereniging “Societas Studiosorum” ‘n gedig getiteld “Krisjan Beyers – Nooitgedacht” voorgedra, terwyl Jacob Los kort hierna met ‘n gedig oor Jopie Fourie “gedebuteer” het. By laasgenoemde geleentheid het ‘n koor die lied “Afrikaners Landgenoten” gesing terwyl mnr G Munstra, “geakkompagneer op die piano deur Mnr [HG] Stoker” die aanwesiges ‘n “kleine proewe



1.6.19

Generaals CF Beyers en JH de la Rey. Die onverwagse, byna onnatuurlike oorlye van hierdie twee gevierde Boeregeneraals so kort na mekaar tydens die woelinge na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en rondom die daaropvolgende Rebelle, het die PUK se dosente en studente diep geraak. Dieselfde geld vir die teregstelling van Jopie Fourie, van weë sy aandeel in die Rebelle.



1.6.20

“Totius se digtersiel treur”.

VE d'Assonville in sy biografie oor Du Toit openbaar gemaak is. D'Assonville, wat in sy uitstekende werk oor die volksdigter wys op die “innige verbintenis” wat Totius met die Boeregeneraals en helde De la Rey, De Wet en Beyers gehad het, was skynbaar ook nie daarvan bewus dat Totius wel hierdie gedig destyds openbaar gemaak het nie.¹²⁰ By dieselfde geleentheid het prof SPE Boshoff voorgelees uit dele van sy manuskrip oor die lewe van die gestorwe Boerekryger (*Vaalrivier die broederstroom*). Totius het met waardering verwys na Boshoff se plastiese beskrywing van die veldlewe en toegevoeg dat sy gedig baie te danke het aan die mededeling deur prof Boshoff verstrekk.

‘n Week na De la Rey se begrafnis verwek prof APC Duvange opspraak toe hy en ‘n mederaadslid van die Potchefstroomse munisipaliteit weier om ‘n mosie van ondersteuning aan genl. Louis Botha in sy besluit tot oorlogsdeelname te ondersteun.¹²¹

Personeellede van die Teologiese Skool het ‘n boikot van Engelse firmas in die dorp ondersteun en was ook betrokke by die reëlins van ‘n protesvergadering teen die regering se besluit tot oorlogsdeelname. Weens oproerigheid deur politieke opponente, wat die byeenkoms wou opbreek, het die vergadering na “Dopper Square” (die terrein van die Gereformeerde Kerk) verskuif. Prof Ferdinand Postma, pas terug vanuit Nederland waar hy sy doktorsgraad verwerf het, het hier die woord gevoer en die veldtog teen Suidwes-Afrika as onbybels veroordeel.¹²²

van sijn talent as violist” laat kry het.¹¹⁹

In November 1915 dra Totius, wat pas met die Hertzogprys bekroon is, sy nuwe gedig “‘n Boere-Idylle” aan die studentevereniging voor, om dit op 27 November op te volg met ‘n gedig oor genl. Beyers – welke gedig nooit gepubliseer is nie en eers weer deur



LJ du Plessis, destyds nog ‘n student, het sy herinneringe aan hierdie tyd se gebeure in ‘n notaboekie opgeteken. Hiervolgens het personeel en studente simpatie gehad met Duitsland en sterk gevoel dat die veldtog teen Duits-Suidwes-Afrika verkeerd en téén Christelike beginsels was.¹²³

In die senaatsverslag van 1914 aan die kuratore (wat nie teruggevind kon word nie) was daar skynbaar ‘n verwysing na die personeel se aktiwiteite op hierdie gebied, want in die notule van die kuratore staan opgeteken, met verwysing na ‘n deel van die verslag: “Met genoeg vernemen de curatoren hieruit wat door de professoren gezegd en gedaan is in verband met de landstoestanden en besluiten hiervan geen publicatie te doen.”¹²⁴ Die laaste sinsnede dui moontlik op ‘n poging om te keer dat die politiek-staatskundige aktiwiteite van die personeel ‘n te hoë profiel aanneem. Dat daar wel ‘n mate van ongemaklikheid hieroor in sommige kringe bestaan het, blyk ook uit besprekinge tydens die kuratore se vergadering in Desember 1915.

Met die senaatsrapport weer aan die orde, lees ‘n mens in die notules van die kuratore die volgende: “In de maand Oktober heeft de grote elektiestrijd voor enige dagen inbreuk gemaakt op de werkzaamheden van de School. In verband met dit punt, volgt er ‘n belangrijke bespreking over de optrede van Proff. in de grote nationale strijd.”¹²⁵

Watter optrede? En welke professore was betrokke?

Dit het veral woelig gegaan rondom die kandidatuur van ds Willem de Klerk vir die Potchefstroomse setel in die Volksraad. De Klerk is tydens nominasiedag deur prof Ferdinand Postma as kandidaat van die Nasionale Party voorgestel¹²⁶ en het in die taai en by tye selfs ietwat onsmaklike verkiesingsveldtog steun van die personeel en studente van die Teologiese Skool ontvang. Saam met De Klerk was dit veral prof APC Duvenage wat as organiseerder, voorsitter tydens vergaderings en vraesteller aan opponente (saam met studente) ‘n hoë profiel aangeneem het.

Daar is uit opponentegeledere sterk te velde getrek teen predikante se deelname aan die politiek (verskeie ander predikante, ook van ander kerke, het as kandidate aan die verkiesing deelgeneem), terwyl daar ook skewe verwysings was na byvoorbeeld “the Theological-Hertzogites” en dat die Nasionale Party, as hy die verkiesing sou wen, denominasionale onderwys in werking sou stel. Veral die regeringsgesinde *Potchefstroom Herald* het sy visier deurentyd gerig op die dosente en studente van die Teologiese Skool en het hul doen en late met groot venyn gekritiseer.¹²⁷

Ds de Klerk en prof Duvenage het weer op hul beurt die organiseerders van ‘n besoek van genl Botha aan Potchefstroom, om hom te huldig as “soldier-premier”,

erg verkwalik as dat dit met voorbedagte rade gedoen is om ‘n Helpmekaar bazaar in die “old Boeren winkel”, lank tevore reeds gereël, te verongeluk.¹²⁸

Die onmin het selfs op munisipale vlak oorgespoel, waar prof Duvenage en mede-Nasionaliste verhinder het dat ‘n huldigingsadres namens die dorp aan genl Botha oorhandig word en hy ook optrede in die Parksaal ontsê is – en wel omdat sy besoek as ‘n partypolitieke aangeleentheid beskou is. Daar is ietwat smalenderwys verwys na die “Hertzogite ticket” vir die munisipale verkiesing, insluitende “Mr. Duvenage, of Theological School fame (one of those who opposed a vote of confidence in General Botha)”.¹²⁹

Op plaaslike vlak het Duvenage en mede-Nasionaliste sukses behaal, terwyl die andersvoelende burgemeester en onderburgemeester in die stof gebly het; maar op nasionale vlak kon ds De Klerk nie die paal haal nie. Irving Hexham, in sy krities-ontledende studie oor die Doppe-gemeenskap in Suid-Afrika in die periode 1902-1919, kon die kloutjie nie by die oor kry wat betref die plaaslike koerant se skielike ommeswaai en goedpraat van ds De Klerk, die Doppers en die Teologiese Skool na afloop van die verkiesing nie. Dit laat die leser wonder, sê hy, “if he can believe anything the newspaper ever said by way of comment on its opponents”.¹³⁰

Hexham se kritiek op die koerant strook nogal met die gevoel van die studente, wat die Senaat “beleefd maar dringend” versoek het om intekening op die *Potchefstroom Herald* te staak “als zynde benede de waardigheid van de leeskamer”. Hulle versoek dat eerder op *De Standaard*, die Nederlandse blad van die Teologiese Skool te Kampen, ingeteken word. Hulle het ook die nuwe Kaapse dagblad, *De Burger*, en *Ons Vaderland*, wat met prof Jan Kamp as redakteur in Pretoria die lig gaan sien, verwelkom.¹³¹

Dit is waarskynlik die bovermelde optredes van die professore wat op kuratorevlak bespreek is, tydens hul vergadering aan die begin van Desember 1915. Die uitkoms van hierdie bespreking is só genotuleer: “De Kuratoren ernstig besproken hebben ‘t deelnemen van Professoren in de grote nationale beweging onder ons volk, hebben aan de ene zijde verklaard dat de Professoren recht hebben voor hunne overtuiging en ook om daaraan op gepaste wijze uiting te geven – ten andere zijde hebben de Kuratoren aangewezen, dat met ‘t oog op de gehele Kerk het raadzaam is dat de Professoren voorzichtig zijn in hun optreden. Na deze bespreking hebben de Kuratore besloten de zaak bij de bespreking te laten.”¹³²

Die woelinge en roeringe tydens die verkiesing sou egter op sinodale vlak ‘n nadraai hê toe daar sterk kaspie gemaak is teen ds De Klerk se deelname



aan hierdie verkiesing. Altesaam 72 lidmate van die Gereformeerde gemeente van Potchefstroom het ‘n beswaarskrif in dié verband by die sinode van 1916 ingedien. Maar die ontevredenheid het veel verder gestrek. Daar is terselfdertyd ‘n tweede beswaarskrif ingedien, opgestel tydens ‘n samekoms van gemeentelede uit Kaapland, die Vrystaat en Transvaal, waarin beswaar gemaak word teen (a) predikante wat nie die Rebelle veroordeel het nie maar “als partijmannen zijn opgetreden”, (b) teen die Teologiese Skool “die dreigt ‘n opleiding voor politici te worden”, (c) teen die optrede van ‘n professor (bedoelende op Jan Kamp) as tydelike redakteur van ‘n koerant, en (d) teen predikante wat hulle as kandidate beskikbaar gestel het voordat hulle verlof daartoe verkry het.¹³³

Inderdaad ernstige klagstate!

Wat ds De Klerk se posisie betref, was die sinode versigtig om standpunt in te neem, daar die korrekte kanale nie gevolg is nie, maar hulle het tog die beswaardes simpatiek aangehoor. Die algemene gevoel was blykbaar dat dit ‘n saak van persoonlike verhoudinge binne gemeenteverband was en daár opgelos behoort te word.¹³⁴ Ten opsigte van die ander beswaarskrif was daar uiteenlopende sieninge. Een voorstel wou dat dit behandel moes word, terwyl ‘n ander weer wou hê dat minstens die beswaar teen die Teologiese Skool aan die orde gestel moes word “omdat de Kerken gezamenlik geroepen zijn controle uit te oefenen op hare School”. In die aanvaarde voorstel het die sinode dit veroordeel dat ‘n openbare konferensie gehou en beskuldigings teen die kerk en die Teologiese Skool die wêreld ingestuur is voordat dit by die aangewese kerklike vergaderings behandel is. Die beswaarde broeders is aangeraai om, indien hulle nog behoefte daaraan het, ná die sinode se besluite oor dergelijke sake, dan die kerkregtelike weg te volg.¹³⁵

Wat betref die Rebelle self, het ‘n lywige kommissie ‘n ewe lywige verslag uitgebring waarvan die essensie was dat die omstandighede te kompleks en die tyd nog nie ryp was om tot ‘n afdoende oordeel te kon kom nie.¹³⁶

Afgesien van die implikasies op partypolitieke vlak, het die Eerste Wêreldoorlog die Teologiese Skool ook op ander terreine geraak.

Volgens die senaatsverslag van 1915 is drie studente vroeg in 1915 opgekommandeer om aan die militêre veldtog teen die Duits-beheerde Suidwes-Afrika deel te neem. ‘n Veel latere verklaring van rektor Ferdinand Postma meld dat aanvanklik altesaam nege studente vir militêre diens opgeroep was.¹³⁷

Die drie studente, JA (Koot) Pretorius, HJ (Happy) van der Walt en Frans Brits, het geweier om diens te gaan

verrig en is gevange geneem. Van senaatskant is hard probeer om vir hulle vrystelling te verkry¹³⁸ maar sonder sukses – wat nogal vreemd is, aangesien die minister van Verdediging reeds in September 1914 in antwoord op ‘n soortgelyke versoek van die Grey Universiteitskollege (GUK), laat weet het dat hy nie van plan was om studente op te roep nie.¹³⁹

Die drie weieraars is na ‘n krygsgevangenskap in Uppington gestuur, waar die wêreld vir hulle baie onaangenaam gemaak is. By hul terugkeer het *Veritas Vincet* die drie sogenaamde “shirkers” (pligsversuimers) met ‘n eresaluut begroet: “Julle het volhard tot die einde, julle is **manne!**”¹⁴⁰ Van studentekant is ook ‘n spesiale verwelkoming gereël, waartydens toesprake gelewer en patriotiese liedjies, onder meer die volksliedere van die Vrystaat en die ZAR, gesing is. In sy verwelkoming het praetor JC van Rooy gesê dat die lyde van die volk ook nog altyd die lyde van die Skool was, en ter stawing daarvan gewys op die monument wat vir die gesneuwelde studente tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig is.¹⁴¹

Pretorius het dié aand kortliks en baie jare later, in die oudstudenteblad meer uitvoerig, vertel van hulle ervaringe. Op advies van rektor Du Toit, wat dit amptelik uitgeklaar het, het hulle aansoek gedoen om vrystelling, “maar dadelik toe dit verstaan word dat ek ‘n student van die Teologiese Kollege was, word my kort en saaklik die deur gewys, sonder om my ‘n woord verder aan te hoor”. Dan maar die kolonel gaan sien en ‘n gewetensaak daarvan maak “noudat ons gemobiliseer word na die land van ‘n volk wat ons niks gedoen het nie, en miskien ook teen ons eie mense ...” Maar wie sê: die kolonel is nie te spreke nie, “hoewel ons hom kon sien sit in sy kantoor”. Wat nou? Hulle los hul gewere en ammunisie in die sinkbarrak en gee hulle as prisoniers oor by die kamptronk.

Pretorius beskryf dan verder, aan die hand van ‘n dagboek wat hy gehou het, hul reis na Uppington en al hul wedervaringe vir die volgende vier maande. Op



1.6.21

Happy van der Walt en Koot Pretorius, twee van die Teologiese Skool se drie “Shirkers”.

die klag van moedswillige verontagsaming van gesag, het Pretorius stoflike en gewetensbesware aangevoer, maar hy en sy maats is desnieteenstaande tot termyn van harde arbeid veroordeel. En dan, 5 Junie 1915, vrylating: “We krijgen 2de klas reiskaartjies, toch worden we nog voor ‘t laast het diepst vernederd door met de bajonetten in een 3de klas wagen gedreven te worden.”

Oor die ontvangs deur sy eie mense skryf hy só in sy dagboek: “Ek is deur my professore, medestudente en vriende ontvang so hartlik en geesdriftig as wat ek nog nooit voorheen of daarna in my lewe weer ontvang is nie ... Ek het gedwing om my ewewig te verloor. Ek kon nie al die uitnodiginge aanneem om op middagete of dinee te kom nie ... ek onthou egter goed dat ek by prof. F. Postma die middagete geniet het, die dag voor my vertrek en dat daar wyn gedrink is op my ontslag uit die gevangenis.”¹⁴²

Maar die studente se oorlogservaringe was nie net daar ver, in die Upingtonse strafdorp nie. In September 1915 was daar gerugte dat troepe van ‘n oorsese kontingent wat te Potchefstroom gestasioneer was, ‘n aanval op die universiteitsgeboue beplan het. Een weergawe het gelui dat soldate reeds in Kerkstraat op mars was om die inrigting te gaan aanval en te verwoes. Tydige waarskuwing aan die Skoolowerhede en die polisie “het gelukkig die ramp voorkom”.¹⁴³ As gevolg van die gerugte moes daar gevolglik vir etlike aande wag gestaan word, maar gelukkig het niks gebeur nie.

Die aanleidende oorsaak vir die gerug was ‘n relletjie tydens ‘n politieke vergadering in die dorp, wat deur ‘n groepie studente sonder toestemming van die koshuisvader of van die rektor bygewoon is. Die rektor het agterna die belhamels ernstig aangespreek en vermaan, is aan die kuratore gerapporteer.¹⁴⁴

Frikkie Robbertse, ‘n latere Studenteraadsvoorsitter en in 1915 leerling aan die Gimnasium, vertel later van die “storm en drang tydperk” wat die leerlinge en studente beleef het en skets die agtergrond so: “Ons, leerlinge en studente, ... was bekend vir hulle uitgesproke Afrikaner-patriotiese gevoelens, want ons het gespruit uit die behoudende Christelike-nasionale deel van ons volk. Dit spreek vanself dat



1.6.22

Frikkie Robbertse.

hierdie inasionale sentiment onder ons skoolseuns en studente dikwels op straat, met sportgeleenthede, ens. ewe hard en luid tot openbaring gekom het wanneer ons bv. ‘Kent gij dat volk vol heldenmoed...’ en ‘Heft Burgers’t lied der vryheid aan...’ uit volle bors gesing het. Aan die ander kant het die troepe of Tommies, soos ons hulle genoem het, ‘n aggressiewe en definitief vyandige houding teenoor die studente ingeneem en gevolglik ook teen ons inrigtings.”

Robbertse meld van twee beplande aanvalle en sê dat prof APC Duvenage “in die krisistyd ons aangewese voorman (was) om die verdediging te organiseer”. Een aand het die skoolklok alarm gemaak “want ‘n klomp Tommies was al ongeveer halfpad tussen hulle kamp en ons koshuise vir hul beplande aanval. Gou-gou was ons bymekaar, voorsien van ‘n paar gewere, en verder fietskettings, skerp ysters, kieries, ens. vir ons selfverdediging. So ‘n drama het ons nog nooit beleef nie. Gelukkig het prof Duvenage daarin geslaag om ‘n verantwoordelike outoriteit in die militêre kamp te oorreed om die troepe in hul opmars terug te roep voordat daar geweld en moontlik ‘n ramp kon plaasvind.”¹⁴⁵

Een van hierdie “aanvalle” het plaasgevind net na ‘n taamlik oproerige politieke vergadering in die suid-dorp. Die studente het ds Willem de Klerk, wat ook op die vergadering opgetree het, se advies om met ‘n ompad terug te keer, in die wind geslaan en as ‘t ware konfrontasie gesoek deur al wandelende deur die hoofstraat, Afrikaanse volksliedere uit volle bors aan te hef. Kort voor lank het honderde soldate vanuit kuierplekke die oormoedige studente “met die straat op verjaag en verstrooi, sodat ons later nie twee bymekaar was nie” en Robbertse self, by sy terugkeer in sy kamer, soos ‘n riet gebewe het.¹⁴⁶

Student JC (Joon) van Rooy roep die gebeure só in herinnering: “Wie onthou nie die wagsstaannerij om die skoolgeboue tot 2 en 3 uur ‘s nags, gewapen met pikstele, ijsterpale, katelpote, knopkieries, terwyl die suide wind suis om ons ore en huil en kerm deur die toppe van die bome. Hoor ons nie nog die gesnor en die geskreeuw van die motorkarre van die vermeende brandstigters in ons ore? Ja, dit tril nog na in onse siel, die lewe en aksie van daardie dae!”¹⁴⁷ ‘n Kwarteeu later, en onder feitlik identiese omstandighede, sou ‘n soldate-aanval op die inrigting ‘n aaklige werklikheid word.

In Julie 1915 betuig die studentegemeenskap, by wyse van eie deelname maar ook deur ‘n ondersteunende berig oor die gebeure in die studentekoerant (met JC van Rooy as redakteur), solidariteit met die Afrikaners wat as gevolg van die Rebelle in tronke is en swaar strawwe en boetes opgelê. As voorloper tot ‘n skouspelagtige optog op 4 Augustus te Pretoria,



1.6.23

Vroue-optog Potchefstroom, 31 Julie 1915.

waaraan ongeveer 6 000 vroue deelgeneem het, het ‘n plaaslike optog deur meer as 500 vroue op 31 Julie deur Potchefstroom se hoofstraat vanaf die ou Gereformeerde kerkie tot by die magistraatskantoor en terug beweeg. Terug op die kerkplein het meer as duisend “nasionale gestaltes, waarin harte klop”,¹⁴⁸ saamgedrom.

Teen die middel van 1915 en op die vooraand van die algemene verkiesing waar die nuutgestigte Nasionale Party vir die eerste keer sy steun by die stembus kon beproef, word prof Jan Kamp aangestel as hoofredakteur van ‘n nuwe koerant, *Ons Vaderland*, wat saam met *De Burger* as mondstukke van die Nasionale Party sou dien. Só bevind hierdie Potchefstroomse akademikus hom, soos CFJ Muller dit stel, “in die voorste linie van die Afrikaner se nasionaal-kulturele stryd in die Noorde”.¹⁴⁹ Die studentblad het ‘n gloeiende lofrede oor Kamp as dosent uitgespreek,

wat van hulle nie Engelse of Hollanders nie, maar Afrikaners wou maak. Hulle het hom sterkte toegewens met die “hogere roeping ... als leider van de Afrikaner volk op die moeilike kristelik-nasionale weg”.¹⁵⁰

Met sy vertrek getuig ‘n student ook: “Dit spijt mij baing, dat prof. Kamp weggaan, want hij het van mij ‘n Afrikaner gemaak”. Om te dink, sê “Het Kerkblad”, “dat ‘n Hollander van ‘n Afrikaner seun inderdaad ‘n Afrikaner maak!”¹⁵¹

Anders as wat skynbaar in studentekringe aanvaar is, was Kamp se benoeming net tydelik, om die nuwe koerant op gang te kry, en na ses maande was hy weer terug op die kampus.¹⁵² Voortaan sou hy weer sy joernalistieke aanleg en ervaring, opgedoen by die bekende Nederlandse blad *De Standaard* onder redakteurskap van dr Abraham Kuyper, plaaslik ter beskikking van die nasionaalgesinde *Het Westen* stel. ‘n Student van hom sê later hiervan: “Grof kon hy uitvaar



1.6.24

Prof Cachet en personeel van “Het Westen”.

teen die Empaaierpolitiek. Sy naam is onlosmaaklik verbind aan Die Weste, en ook aan ander joernalistieke werk. So was hy miskien op sy beste.”¹⁵³

‘n Destydse kollega, HG Schulze, getuig later dat Kamp sy Calvinistiese oortuigings in woord en geskrif na buite toe uitgedra het: “Ons hoef maar net aan sy stryd vir die C.N.O.-gedagte te herinner of aan sy inleidingsartikels in die WESTE en die VADERLAND, waar hy ook op die terrein van die politiek sy Christelik-nasionale lewenskyk met gloed van oortuiging en op onmisverstaanbare wyse gepropageer het. Uit sy lewensbeskouing ook moet ons verklaar sy warm gevoel en sy onvermoeide stryd vir ‘n suiwer Afrikaanse kultuur wat wortel in die Boeretradisie.”¹⁵⁴

Dit is reeds beskryf hoedat Kamp juis as gevolg van sy gloeiende ywer vir die Afrikanersaak in 1916 in die pekel beland het by kuratore voorsitter Petrus Postma en wel toe hy ‘n reeks huldigingsartikels oor heengegane president MT Steyn vir *Het Westen* moes versorg. Die solidariteit van die Potchefstroomse akademici met die Afrikanersaak het tog sterk deureslaan toe op kuratorevlak met “grote droefheid” kennis geneem is “van ‘t diep te betreuen en plotselinge afsterwe van onze algemene hooggeeerde Staatsman en zeer geliefde Volksleider, President M.T. Steyn.” ‘n Verteenwoordiger sou sy begrafnis in Bloemfontein gaan bywoon.¹⁵⁵

1.6.10 Nederlandse steun ... eis vir “breër basis”

Deur sy groei “in de engte gekom”, word daar in April 1915 onderhandelinge van rektor SO Los en sekretaris J Kamp namens die Senaat van die Teologiese Skool ‘n noodsein om finansiële ondersteuning aan die adres van die Nederlandse organisasie “Zuid-Afrikaansche Voorskotkas”, ‘n filiaal van die invloedryke Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging (NZAV), gerig. In die motivering vir hierdie versoek word die omstandighede waarin veral die immergroeiende Literariese Departement (of soos dit in hierdie tyd genoem is, Kollege Departement) hom bevind het, kernagtig uiteengesit.

Met die oorplasing na Potchefstroom was daar twee matriek-, een intermediate en een BA-student; tans is daar dertig matrieks, nege intermediate, vier BA’s en twee MA’s. Slegs twee professore (Postma en Kamp) verrig die werk wat deur vier professore aan die universiteitskollege te Pretoria hanteer word. Finansiëel word nie tred gehou met die groei nie en om met die beperkte kragte voort te gaan, kan inhou “dat wij onze goede reputatie en daarmee onze tamelike verreikende invloed moeten verliezen”. Vanweë die beperkte personeel en te min geld vir beurse wend voornemende studente hulle al hoe meer na die “Goevernements-Universiteitskolleges”.



Wat meer is: “Al wat – onder het tegenwoordige regime – macht en invloed heeft werkt ons teen”; as voorbeeld dien die eie intermediate student wat slegs ‘n beurs kon ontvang indien hy aan ‘n regeringskollege sou gaan verder studeer. Hier is verwys na L.J. du Plessis.

Hoewel die Literariese Departement dus met versterking bedreig word, is daarteenoor tog die vooruitsig “dat – bij behoorlike voorziening op dit punt – onze school juis een groeiend aantal studenten verwachten mag uit sterk nationaal gezinde families, zodra de politieke toestand weer normaal wordt.”

Bewus van wat moontlik op hierdie stadium as die achilles-hiel van die groeiende Literariese Departement bestempel kan word, word ‘n onderneming gegee: “Wij, als Senaat in samen werking met de Kuratoren, trachten het daarheen te leiden, dat het Kollege-Departement geheel los kome te staan van de Theol School en dat het afgezet worde van zijn tegenwoordige kerklike basis, die voor het bloeiend voortbestaan te eng blijkt. Deze belemmering eenmaal weggenomen, is er alle kans op saamwerking van beslist nationale groepen uit de beide andere Kerken om te komen tot een nationaal Kollege op Christelike grondslag voor de Noordelike geweste.”¹⁵⁶

In ‘n ondersteunende memorandum word gesê dat die Teologiese Skool vroeër te Burgersdorp “het centrum ... van nationalistisch leven in het Centrum van de Kaap-kolonie” was en dat dit nie net voornemende teoloë gelok het nie, maar ook “andere jongelui, door wie een hogere opvoeding in streng nationalistische richting gewenst werd”. Ook is herhaal dat die inrigting van regeringskant eerder teengewerk as gehelp word, dat geldtekort tot personeeltekort lei en dat as gevolg hiervan “verloop van studenten op den duur wordt gevreesd”. Daar is ook gewys op die geldelike bydrae van die Gereformeerde Kerk, die kleinste van die Transvaalse Hollandse kerke, wie se lidmate tot “de meest nationalistisch gezinde en op dit stuk het meest principiëel staande Transvaalsche Boeren” behoort.¹⁵⁷

Die besluit om die Voorschotkas om fondse te nader het gespruit uit ruggespraak tussen prof Jan Kamp en die Nederlandse vereniging se Suid-Afrikaanse verteenwoordiger te Pretoria, die heer Roosegaarde Bisschop – wat dan ook die aansoek sterk aanbeveel het. Vir 1915 word £200 vir die aanstelling van ‘n lektor benodig, en vir 1916 £400 vir die voortsetting van daardie pos. Nadat nog enige data oor die finansiële situasie verskaf is, word vertroue uitgespreek “dat het U niet onbekend zijn zal hoe onze inrichting de draagster is van de histories-nationale gedachte van het Afrikaanse volksleven, gevoed uit de Nederlandse Kultuur”.¹⁵⁸

Op versoek van prof Kamp gee Bisschop ‘n maand later die inhoud van ‘n brief ter ondersteuning van die aansoek, afkomstig van genl JBM Hertzog, aan hoofkantoor deur. **(Kyk inset)** Hy het dit nie getelegrafeer nie, soos deur Kamp versoek, omdat hy gevoel het “dat U ook zonder deze aanbeveling ... genoeg voelt voor de Theol. School”. Maar dan spreek die tydsomstandighede (onrus en woelinge vanweë teenstand teen oorlogsdeelname, die pas onderdrukte rebellie, ensovoorts) duidelik uit sy verdere mededeling: “Verder vrees ik wel, dat de vreeselyke naam van Gen. Hertzog onzen Vriend, den Censor, ongerust zal maken omtrent het doel van myn telegram, zoodat myn telegram niet doorgelaten zal worden!”


Dan voeg Bisschop “n wenk “van bevriende en deskundige zyde” by, vir die toekenning van die geld: maak dit ‘n “stipte” voorwaarde, dat die voertaal van alle vakke aan die Kollege voortaan Hollands sal wees. Die rede vir die wenk was, volgens sy “raadsman”, dat enkele vakke aldaar nog in Engels onderrig word “om zekere jongelui uit de Kolonie te gerieven”.¹⁵⁹

Die Nederlandse vriende het byna spontaan die aansoek goedgekeur, dié vir 1916 egter onderhewig aan sekere prosedurevoorwaardes en die verkryging van verdere inligting. Op hierdie tydstip, laat weet hoofkantoor, “ontbreekt toch elke waarborg buiten de reputatie, die het college hier geniet. Ons is nog onbekend, voor welk vak een lector zal worden aangesteld. Wie die lector zal zijn, weten wij evenmin”.¹⁶⁰

Dat daar niks gemeld is van sy voorgestelde voorwaarde insake die taalmedium nie, was vir Bisschop ‘n effense steen des aanstoot – veral waar hy sedertdien nog twee onderwysmanne van naam, “die in deze saak levendig belang stellen”, se ondersteuning vir dié standpunt verkry het. Hy vra dringend magtiging aan om hierdie voorwaarde aan die Potchefstromers deur te gee en rapporteer die Senaat van die Teologiese Skool se blydschap, soos aan hom oorgedra deur prof Kamp.¹⁶¹

Intussen het Bisschop terugvoering gekry van prof Kamp, oor die mediumkwessie. Kamp se uiteensetting is ‘n waardevolle inligtingstuk betreffende dié aspek van die aktiwiteite van die Teologiese Skool en word gevolglik in sy geheel hiernaas aangehaal. **(Inset)**

Bisschop, wat nog nie geleentheid gehad het om Kamp se uiteensetting met sy “deskundige raadsman” te bespreek nie, was self maar bra skepties oor die Potchefstromers se manier van doen. Daar is “een en ander op te merken” oor Kamp se goedpraat van die stelsel, veral waar hy self erken dat die Kaapse skole die leerlinge “verknoeien”. Syns insiens werk ‘n tweevoudige medium nie minder verknoeiend nie.¹⁶²



1.6.25

Generaal Hertzog.

Brief ter ondersteuning van die Teologiese Skool

“Geagte Mynheer Bisschop,

Zoo even is Dr. du Toit van de Theologische School te Potchefstroom by my geweest en heeft hy my medegedeeld dat zy behoefte hebben aan ondersteuning voor de Litterarische Afdeeling hunner School en reden hebben om te geloven dat U hun van hulp kan zyn door zekere fondsen uit Nederland beschikbaar te stellen, indien er de verzekering bestond dat het doel waartoe de gelden gebruikt zouden worden van zoodanig nationale aard is dat daardoor het oogmerk zou worden bereikt waartoe de gelden verzameld zyn. Indien myn aanbeveling van eenige waarde zou zyn, zou ik u gaarne by dezen willen de verzekering geven dat de Theologische School by ons allen bekend staat als een der steunpilaren van het Hollands sprekende Afrikanerdom aan wier nationale geest en streving geen twyfel kan zyn, en wier leiding is in handen van mannen die het volle vertrouwen en achting van de Hollandsch sprekenden wegdragen. Indien deze aanbeveling van eenige hulp kan zyn zal het my plezier doen.

JBM Hertzog”

Volgens Bisschop was Hertzog se brief gedateer 17 Mei.

Vroeg in Augustus 1915 word, “doordringen van het groote belang uwer School”, finale bevestiging van die toekenning vir 1915 deur dr N Mansvelt, sekretaris van die Schoolfonds, aan die Teologiese Skool gegee. Gelyktydig word die identiteit van die “Vriende” wat hulp verleen, aan Bisschop openbaar gemaak: die bestuur van die Fonds ten Behoeve van het Hollands Onderwijs in Zuid-Afrika, kortweg Schoolfonds genoem. Vir 1916 word steun aan die “Theologische School College” goedgekeur, onderhewig aan bepaalde voorwaardes. Die eerste hiervan was ‘n volledige onderskrywing van Bisschop se aanbeveling, naamlik dat alle vakke behalwe Engelse taal en letterkunde deur medium Hollands aangebied moes word. ‘n Tweede voorwaarde was in lyn met die gedagte wat reeds van senaatskant geopper is, naamlik “het College dient van een eenzijdig kerkelike instelling te worden een algemeene, christelijke-nationale instelling”, met verteenwoordigers van ander kerkgenootskappe in die bestuur, terwyl derdens ‘n verteenwoordiger van die Schoolfonds in die kuratorium van die Kollege aangewys moet word. As kandidate hiervoor word

genoem die Hervormde predikante van Potchefstroom of Klerksdorp of ‘n predikant van die NG Kerk te Potchefstroom of in die omgewing.¹⁶³

Die voorwaardes van die Nederlandse vriende het ernstige oorweging geverg. Op 2 November het Bisschop op uitnodiging besoek gebring aan Potchefstroom en is die voorwaardes vir verdere hulpverlening met die Senaat bespreek, waarna ‘n antwoordbrief met breedvoerige besonderhede omtrent die ontwikkeling en funksionering van “ons Kollege” of die “Kollege Departement” met Bisschop se hulp saamgestel en aan die Nederlandse vriende afgestuurd is.¹⁶⁴

Die Kollege Departement, waaroor dit eintlik gaan, gee onderrig op intermediare vlak (junior en senior), BA en MA en die werk word behartig deur drie professore, een lektor en deeltydse hulp van die twee teologiese professore. Die onderrig van die matematiese vakke aan die Kollege Departement geskied op hierdie stadium nog deur medium Engels en wel “omdat nergens Hollandse leerboeken gebruik



TAALBELEID TEOLOGIESE SKOOL/ LITERARIESE DEPARTEMENT 1915

“Over de geheele school wordt vanaf Matriek alle onderwys in de Science vakken gegeven in ‘t Engels, en ook ‘t onderwys in Engelse Taal en Letterkunde. Al ‘t overige n.l. Hollandse Taal en Letterkunde, Latyn, Grieks & Geschiedenis door Hollands medium. Dit getotaliseerd geeft voor deze klas 10 uren p. week Eng. Medium en 15 uren Hollands medium. Zo rekenen wy ook dat ‘t zyn moet, want in dit tweetalig land moet Eng. goed geleerd worden en de beste weg daartoe is gebruik als medium voor enkele vakken; al wat tot die humanistiese sfeer behoort wordt beter in moedertaal gehouden. Maar ‘t was niet gemaklik voor ons ‘t zoover te brengen als we ‘t nu hebben. Dat heeft stryd gekost en opofferingen van leerlingen uit verknoeiende Kaapse “public schools” die – van onze metode horende – weigerden te komen, of, na een paar weken verblyf tot de Kaapse heerlikheden terugkeerden. Naar mate we nu meer leerlingen betrekken uit onze eigen voorbereidende school, of uit het Gymnasium van Steynsburg, of uit de thans tot ontwaking komende (z.g. rebel) families, wordt onze positie op dit punt gemakliker.

In de intermediaire klas wordt helzelfde systeem gevolgd, wat hier neerkomt op 9 uur Engels en 16 uur Hollands medium. Wy hebben dit jaar vier B.A. studenten: een daarvan studeert voor s.g. mixed B.A. (half science & half literatuur). Het science gedeelte krygt hy door Eng. t andere Hollands medium; welke twee zich dan daar verhouden als ongev. 1 tot 3 ½. De andere 3 B.A. studenten hebben alles door Holl. Medium behalve Eng. Taal en Literatuur. Ten slotte is er nog een M.A. student (Philosophie) met uitsluitend Holl. Medium. Ook worden de vrye colleges in Paedagogiek e.a. in t Hollands gegeven.”

- Aanhaling uit brief prof Kamp, 26.5.1915 in rapport Bisschop 1.6.1915

worden”. Sodra geskikte handboeke verkry word, behoort Hollands die uitsluitlike medium te word, met uitsondering van onderrig in Engels. Die versekering word gegee dat die Senaat net op ‘n gunstige oomblik wag om die beleid te implementeer.


Die ander knelpunt vir die Nederlandse vriende, behalwe die taalkwessie, was die eng kerklike (dit wil

sê Gereformeerde) basis – vandaar dan ook die eis dat die Kollege, soos daarna verwys is, onder beheer van die drie Afrikaanse kerke geplaas sal word. Aan hierdie basis, sê Los en Postma namens die senaat, “werdt nu niet streng de hand gehouden; een Professor en een lektor zijn leden van andere kerken; evenzo de studenten”. Verwysende na die sinodale kommissie wat met die regering op ‘n breër basis onderhandel, verwag hulle dat daar by die kuratore en die sinode geen beswaar sal wees om vir die Kollege Departement ‘n breër basis te aanvaar nie. Uitsluitel hieroor sal in Maart 1916 verkry word.

Op grond van die belofte dat die Senaat alles moontlik sal doen om die kuratore en die sinode te oorreed om te voldoen aan die voorwaardes wat vir daadwerklike samewerking gestel word, word onvoorwaardelike¹⁶⁵ subsidie van £400 vir 1916 gevra en word duidelik uitgespel dat die subsidie ook na 1916 nie ontbeer sal kan word nie. Sielkundige druk bly nie uit nie: “Of andere kerkgenootschappen bereid zullen zijn samen te werken zal zeker bevorderd worden door het initiatief in deze door u genomen. De Nationale opwaking zal zeker zulk een zaak in de hand werken, maar daarvoor is tijd nodig.”¹⁶⁶

In Bisschop se begeleidende aanbevelingsbrief, waarin hy die Kollege se versoek vir onvoorwaardelike subsidie motiveer, onthul hy dat die Senaat van die Teologiese Skool eintlik bly was oor die “welkome pressie” wat uitgeoefen is, want dit is presies die rigting wat hy self wil volg. Die beslissing lê egter nie by die Senaat alleen nie, maar ook by die Kuratorium en die sinode, wat onderskeidelik eers in Desember en in Maart 1916 byeenkom. Gee hulle wel die groen lig, sal dit nog geruime tyd duur voordat die bedoelde hervorminge ten opsigte van voertaal en verkryging van “een algemeen Kristelijk Nationale grondslag” hul beslag kan kry. In vertroue voeg hy by dat prof Kamp, vir die Kollege ‘n groot stukrag en ‘n krag “die geheel in onze gunst zal arbeiden”, in Februarie 1916 terugkeer vanuit Pretoria.¹⁶⁷

Die versoek van die kant van die Teologiese Skool, waarvan die uitslag, volgens ‘n telegram van Mansvelt aan Bisschop, twyfelagtig was, het heelwat tyd vir oorweging deur die verskillende Nederlandse organisasies geverg.¹⁶⁸ Dié nuus is dadelik na Potchefstroom deurgegee, wat vinnig reageer het met die aankondiging dat die kuratore tydens hulle sitting te Potchefstroom die voorwaardes aanvaar het en dit so aan die sinode sou aanbeveel. Ook is kennis gegee dat SPE Boshoff, “bij de vrienden in Nederland bekend”, vir nog ‘n jaar aangestel is. Hierdie besonderhede is op 7 Desember per kabelgram na Amsterdam deurgegee en twee dae later per brief bevestig. Elf dae later telegrafeer Mansvelt dat subsidie vir ses maande toegeken is.¹⁶⁹



1.6.26

Telegram van ADR Bisschop oor subsidie vanuit Nederland.

In Potchefstroom was daar groot blydschap by die Senaat, wat gemeen het dat die saak daardeur gered is – veral omdat gehoop word om nog in Februarie aanstaande ‘n vereniging vir Christelike nasionale onderwys op te rig, met verteenwoordigers van die verskillende kerke. Ook Kamp, wat hom op daardie stadium (as redakteur van *Ons Vaderland*) in Pretoria bevind het, was verheug en het “ver reikende gevolge” van die besluit voorsien. Deur Bisschop is daar nou uitgesien na die beplande konferensie in Februarie 1916; as verteenwoordiger van die Nederlandse “Vriende” is hy deur prof Kamp uitgenooi om dit by te woon.¹⁷⁰

Daar is ywerig gepoog om aan die gestelde vereistes van die Nederlandse vriende te voldoen. Ook van die sinode se kant was daar geen beletsel nie. Met ‘n hartlike bedanking vir die toekenning wat aan die “Teologiese Skool Kollege” ‘n ekstra lektor besorg het, is van sinodekant die gerusstelling gegee dat in die beplande verkryging van eie statute, voorsiening gemaak sal word vir Hollands as medium en verteenwoordiging van bydraers in die bestuur van die Kollege.¹⁷¹

Meer nog: daar is ook besluit om, met die onderrig in wis- en natuurkundige vakke, ook na Nederlands oor te slaan. Hiervoor is dit egter nodig en wenslik dat prof APC Duvenage, wat sy opleiding geheel aan die South African College te Kaapstad ontvang het,

sy doktorsale studies in Nederland gaan voortsit. Hy kan dan terselfdertyd ook toespits op die skryf van handboeke in Nederlands. Prof Los, wat aanvanklik as rektor namens Duvenage by die “Vriende” aansoek gedoen het vir geldelike ondersteuning, het onderneem om self ook te kollekteer. Duvenage se vader “sal ook iets doen”, maar dis te min; Duvenage sal graag sy vrou en twee kinders wil meeneem. ‘n Beurs van £100 sal voldoende wees. Vroeg in Februarie het Duvenage sy aansoek persoonlik bevestig. Dit is sterk deur Bisschop ondersteun, aangesien dit “onze Taal zeer ten goede (zal) komen”.¹⁷²

Intussen is daar vanuit Nederland met groot verwagtinge uitgesien na die beoogde konferensie vir die stigting van ‘n vereniging vir Christelike hoër onderwys en is Bisschop gemagtig om dit by te woon, maar bloot net as waarnemer of, soos Mansvelt dit gestel het, as “belangstellend hoorder”.¹⁷³ ‘n Kennisgewing van die konferensie, onderteken deur di CW du Toit (Hervormde Kerk), ML Fick (NG Kerk) en WJ de Klerk (Gereformeerde Kerk), is deur Bisschop aan hoofkantoor deurgegee.¹⁷⁴

Maar toe loop albei hierdie inisiatiewe in die sand.

Op die nippertjie, op 19 Februarie (vier dae voor die geskeduleerde datum) telegrafeer prof Kamp aan



Bisschop: “Conferentie uitgesteld. Brief volgt.” Maar al wat kom is Kamp se brief, en die Nederlandse vriende raak ongeduldig omdat die interkerklike konferensie nog nie plaasgevind het nie. Bisschop waarsku dat die stilsweye hieroor van Kollegekant geen aangename indruk op sy bestuur en die vriende in Nederland maak nie.¹⁷⁵ Eers op 29 Maart was dit prof Ferdinand Postma, wat ook van mening was dat Kamp die saak hanteer het, wat die kastaiings uit die vuur moes krap. Lewers moes daar, volgens Postma, ‘n misverstand ontstaan het: die konferensie is nie deur die Senaat gereël nie, maar op inisiatief van die drie predikante. Laasgenoemdes het, vanweë die landsomstandighede en omdat gevrees is dat die konferensie ‘n mislukking sou wees, dit afgestel. Hy weet ook nie of daar weer ‘n poging in die rigting aangewend gaan word nie.¹⁷⁶ Volgens ‘n latere verklaring is die byeenkoms egter uitgestel omdat die sinode van die Gereformeerde Kerk vanaf 9 Maart gehou sou word “en onze vrienden niet tweemaal achtereen dezelfde reis wilden doen”.¹⁷⁷

Wat prof Duvenage se beursaanzoek betref, is goedkeuring teen 18 Maart 1916 gegee en hy is dadelik daarvan in kennis gestel. Met dankbetuiging daarvoor, laat weet Duvenage dat hy en prof Los sy voorgenoemde besoek aan Holland bespreek het: “Het schynt of het op ‘t oogenblik voor my onmogelik zal zyn om te gaan, wegens de toestanden op zee. U weet wel hoe of het staat.” Hulle het gemeen om sy besoek uit te stel tot Desember, wanneer toestande waarskynlik beter sal wees. En hy vra of die beurs tot dan oorgehou kan word.

Bisschop was kennelik nie beïndruk nie. Wat dink u van die risiko van die seereis, vra hy in sy rapport hieroor aan hoofkantoor: is die risiko per Hollandse bote dan so groot? En wie sê die risiko’s sal nie steeds in Desember bestaan nie? Bisschop se skeptisisme is vanuit Nederland onderskryf: “Het is o.i. echter niet noodzaakelyk de reis wegens gevaren op zee uit te stellen. Iedere maand gaan en komen er eenige passagiersbooten van en naar Indië, welke toch byna allen behouden aankomen.” Ook is hulle dit eens daarmee dat daar geen waarborg is dat dieselfde risiko’s nie nog in Desember sal bestaan nie. Lig Duvenage só in, is die opdrag wat Bisschop gevolglik ontvang.¹⁷⁸

In September 1916 nader Postma as sekretaris van die Senaat weer die Nederlandse vriende, namens die Kollege Departement, en vra of die bydrae nie meer blywend gemaak kon word nie, byvoorbeeld vir twee jaar, omdat Boshoff se dienste as gevolg van onsekerheid oor sy pos dalk verloor sou word.

Die opvatting “dat onze Inrichting nog voortbestaan op haar oude ‘kerklike basis’, was klaarblyklik een van die groot struikelblokke vir hulpverlening in die verlede. Postma moes verduidelik – en in die proses het hy by

implikasie sy kollegas Kamp en Los gerepudieer, wat wel vroeër, in hul brief van 24 April, na die “kerklike basis” van die Kollege Departement van die Teologiese Skool verwys het: “... welbezien, is hier alleen maar sprake van een **kerklike finansiële band**, en niet van een basis. En die band **kunnen** wij niet verbreken, want het is de enige, waar ons bestaan aan hangt. De geest, waaruit onze School leeft; de richting waarin zy arbeidt, lydt intussen in ‘t minst niet aan kerklike beperktheid of eenzydigheid. Studenten van alle Hollandse Kerken hebben ten allen tyde onze School bezocht en geheel doorlopen; twee professoren van een andere Kerk zyn nu mede werkzaam ...”.

Dis nie ons skuld dat nog nie nouer kontak met ander kerke verkry kon word nie, sê Postma verder oor die saak waaraan die Nederlandse vriende so ‘n hoë prioriteit toeken. Pogings in die rigting was onsuksesvol, grootliks as gevolg van “de moeilike en ongewisse tyds-omstandigheden”.

Postma wys ook daarop dat in die konsepstatute van die te-stigte Vereniging vir Kristelik-Nasionaal Hoër Onderwys, wat hy ter insae aanheg, nie eens aangedring word op aanvaarding van sy inrigting se bestaan nie, maar “uitsluitend wordt opening gezocht voor ruimer aangelegd **Christelik-Nasionaal Hoger Onderwijs**”. Wat betref die taalkwessie het Postma die vorige inligting verder toegelig, gerusstellings gegee en vir tyd gespeel, vir sover dit die matematiese vakke betref.¹⁷⁹

Die sterk Nederlandse druk dat aan die Kollege ‘n breër kerklike basis verleen moes word, as voorwaarde vir verdere finansiële ondersteuning, het opsigtelik ‘n effense ongemaklikheid op Potchefstroom veroorsaak. Hoe meer die Potchefstroomse inrigting na vore gebeur het in ‘n poging om ‘n waardige plek binne die sisteem van hoër onderwys in Suid-Afrika in te neem, des te skerper sou hierdie band met die Gereformeerde Kerk in die kollig kom.

Vroeg in November 1916 laat weet Mansvelt dat subsidie vir Boshoff se pos vir ‘n verdere twee jaar toegestaan is. Tot groot blydskap van Los en Postma, namens die Senaat, en ds HJR du Plessis, namens die Kuratorium. Laasgenoemde het dit as kragtige steun in hul stryd vir Christelike nasionale beginsels bestempel. Op die vooraand van die uiters belangrike samesprekinge van die sinodale kommissie oor die toekoms van die Literariese of Kollege Departement sou dit, volgens Postma, “zeker ‘n stimulus zyn om ‘n behoorlyke regeling te treffen, ook wat het medium van onderwys betreft”.¹⁸⁰

Bisschop, verbete kampvegter vir die Hollandse taal, het dit gemis dat die aandrag op absolute verhollandsing nie weer by bekendmaking van die toekenning herhaal is nie. “In dit land”, skryf hy, “heeft men dusdanige




1.6 “Maar net ‘n droom?... (1910-1916)

aandrag wel nodig van tyd tot tyd.” Hy het toe maar sommer op eie inisiatief, en vertrouende dat dit die “Vriende” se goedkeuring sou wegdra, die vraag gestel “welke maatregelen die Senaat heeft genomen en zal nemen om te zorgen, dat binnen redelyken tyd alle onderwys, in alle vakke, door het Hollandsch als voertaal zal worden gegeven”.¹⁸¹

Dat die aandraai van die taalmediumskroef gehelp het, blyk uit inligting wat Los in hierdie tyd deurgegee het. Alle professore gebruik dié medium en prof Duvenage is besig om die Kaapse eksamenboeke in Afrikaans om te sit. Prof Postma maak temaboeke gereed. Hy het self ‘n leerboek gereed vir Logika, en soek hy net ‘n uitgewer ... en dáárvoor is nou weer ‘n subsidie nodig.¹⁸²

Bisschop moes by tye ook maar net bontstaan, in sy rol as tussenganger in die sake wat besig was om



1.6.27

FJ le ROUX : Was saam met Boshoff betrokke in die Rebelle van 1914 en is ook saam met hom gevange geneem. In sy boekie Vaalrivier die Broederstroom (Voorwoord, p 8 en pp 117-118) verwys Boshoff na Le Roux as “mij vriend, Mnr. F.J. le Roux, B.A.” en “die Frank van my verhaal”. Le Roux was later verbonde aan die personeel van Potchefstroom Gimnasium voordat hy in April 1920 hoof geword het van die pasgestigte Afrikaanse Hoërskool in Pretoria. “Pa” le Roux, soos die Pretorianers hom genoem het, was hoof van dié skool (later van die seuns-afdeling) tot in 1946.

hom af te speel. Die middag van 28 November 1916 ontvang hy ‘n telegram van die Teologiese Skool, waarin sy dringende aanwesigheid versoek word by die belangrike konferensie van die sinodale kommissie en ander rolspelers, oor die toekoms van die Kollege of Literariese Departement. Maar ... dié konferensie begin al om nege-uur die volgende oggend!

“U ziet”, rapporteer hy aan Amsterdam, “veel tyd werd my niet gelaten. Wilde ik reeds de volgende morgen te P.C.Stroom zyn, dan moet ik de nachtrein nemen, die 7.45 n.m. van hier vertrek.” Siende dit as sy plig, het Bisschop vinnig sy tasse gepak en die oornagtrein gehaal¹⁸³ ... om die volgende oggend deel te hê aan en getuie te wees van hierdie baie belangrike en rigtinggewende byeenkoms.

Met hierdie Nederlandse befondsing kon FJ le Roux tydelik as lektor vir Nederlands aangestel word.¹⁸⁴ SPE Boshoff, wat terselfdertyd as plaasvervanger van Kamp benoem is, sou vanaf 1916 uit die verwagte bydrae vanuit Nederland besoldig word.¹⁸⁵ Die studentebled *Veritas Vincet* het die twee here as “Afrikaners in merg en been” hartlik welkom geheet.¹⁸⁶

Op 29 November 1916, tydens hierdie vergadering van die sinodale kommissie insake affiliasie te Potchefstroom, is formeel teenoor Bisschop dank betuig en aan die NZAV verteenwoordiging op die Kuratorium gegee, vir sake rakende die Kollege. Daarmee, sê Postma, is die eerste stap dan geneem om met andere saam te werk vir die behoud van die Christelik-nasionale beginsels.¹⁸⁷

1.6.11 Die pad vorentoe ...?

Om met andere saam te werk vir die behoud van die Christelik-nasionale beginsels sou egter nie so maklik wees nie. Die “moeilike en ongewisse tyds-omstandighede” wat, volgens Postma, sodanige samewerking geknel het maar wat ook ‘n verlamende uitwerking op die groei van die inrigting gehad het, sou nog vir etlike jare bly voortbestaan.

Inmiddels was die langdurige “universiteitskwessie” besig om homself uit te sorteer en sou die Potchefstromers nie juis voete kon sleep oor hul plek en rol in die aanstaande bedeling nie. Daar sou diep gedink en ernstige besin moes word oor die pad vorentoe ...